M. L. WESSELS SE BYDRAE TOT DIE STUDIE VAN KAAPS-HOLLANDS IN 1880.

deur

CORNELIUS VAN DER WESTHUIZEN KOTZE

The University of Cape Town

Skripsie

aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad M. A. in Nederlands en Afrikaans, aan die Universiteit van Kaapstad.

1949.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

The University of Cape Town

Inhoudsopgawe

I.	Inleiding: Polemiek oor Kaaps-Hollands. Wessels se optrede. Sy persoon en lewensloop.....	bladsy 2 - 14
	Aantekeninge.....	15 - 16
II.	Kritiese beskouing van Wessels se artikels in The Cape Monthly Magazine:	
	Artikel 1.....	17 - 28
	Aantekeninge.....	29
	Artikel 2.....	30 - 40
	Aantekeninge.....	41
	Artikel 3.....	42 - 60
	Aantekeninge.....	61
III.	Wessels se plek in die geskiedenis van die Afrikaanse taalstudie.....	62 - 70
	Aantekeninge.....	71

I

Inleiding: Polemiek oor Kaaps-Hollands. Wessels se optrede. Sy persoon en lewensloop.

(1).

Werp vir 'n oomblik 'n blik terug op die jaar 1880. "Die Genootskap van Regte Afrikaners", wat nou al vyf jaar bestaan, werk doelbewus om Afrikaans tot skryftaal te verhef. Met die verwesenliking van sy ideaal, "om te staan ver ons Taal, ons Nasie en ons Land", ondervind die Genootskap teenstand van alle kante: veragtelike verswyging van die kant van die Engelse pers, hoon en skimp van die kant van die publiek, Hollands- sowel as Engelssprekend. Dog die merkwaardige sukses van die "Afrikaanse Patriot" as koerant toon reeds teen hierdie tyd aan in watter rigting die wind begin waai.

"Ware Afrikaander" voel hom selfs al bewus van die volslae sukses van die onderneming. Sedert 4 April van die vorige jaar laat hy, op versoek van sy lesers, een van die belangrikste werke uit die "Patriot"-tydperk verskyn, 'n werk wat in 1880 ook in boekvorm uitgegee word onder die titel: "Geskiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging, ver vrind en vyand uit publieke en private bronne bewerk deur 'n lid van die Genootskap van Regte Afrikaners". Die bylaag bestaan uit 'n vertaling van die artikel "The 'Barbarous Patois'", wat oorspronklik in die "South African Magazine and Review" van April 1880 verskyn het, geskryf deur Hoofregter F.W. Reitz, na aanleiding van enige beweerings wat deur Eerw. A.T. Wirgman gemaak is oor Kaaps-Hollands.

Die beweerings van Eerw. Wirgman wat die teenkanting van Regter Reitz uitgelok het, is vervat in die eerste deel van 'n opstel, wat onder die opskrif "The Rise and Development of our Native Question", in die eerste nommer van die "South African Magazine and Review" van Februarie 1880 verskyn het. Eerw. Wirgman het destyds gearbei in

Port .....

Port Elizabeth, waar hy die Rektor was van St. Mary's. Aldaar, en vermoedelik ook in die dunbevolkte Kaapkolonie, het sy amp en sy opleidingskwalifikasies hom 'n hoë aansien in die openbare lewe besorg. Sy titels lui: M.A., D.C.L., skolier van St. Mary Magdelene College, Cambridge. Hy het hom blykbaar nie ernstig met taalaangeleenthede bemoei nie, maar dat hy hom as geskiedskrywer voorgedoen het, getuig die reeds genoemde opstelle. Die opstel self bevat oor die algemeen die geskiedkundige feite soos hulle destyds beskikbaar was, alhoewel hy geen bronne aanstip nie. Etlike uitlatings openbaar nietemin 'n duidelike vooroordeel ten gunste van die Engelse koloniale politiek, en sommige van hulle is, om die minste te sê, onstaafbaar. So laat hy hom byvoorbeeld oor die Swellendamse opstand uit: "The Swellendam 'Nationals' aped the forms and ideas of the French Revolution. They had a tree of Liberty and a guillotine ready, and were preparing lists of proscription to provide victims for it."(1) Deurgaans voel 'n mens met die lees van die opstelle sy onsimpatieke houding teenoor die Hollandse bewind. Hier kan nie ingegaan word op al die geskiedkundige onjuisthede en wanvoorstellings nie; genoeg dat hy geen betroubare oordeler was nie.

Die eintlike bewering wat aanleiding gegee het tot die teenstand van Regter Reitz, is die volgende, waar hy die lotgevalle van die Hottentotte bespreek: "But the British flag was hoisted too late to save the Hottentot nation from destruction. Brandy and oppression had done their work, and the feeble remnant, frequently commingled with the race of their masters, became hewers of wood and drawers of water, losing their language with their nationality and substituting for it the barbarous 'patois' called .....

ed Cape Dutch, which still, after some 80 years of English rule, forms (to the great injury of civilized speech) the chief medium of communication in our country districts"[2].

Dit is 'n aanvegbare bewering, en Regter Reitz het onmiddellik gereageer. In die April-uitgawe van die tydskrif stel hy hom ten doel om te bewys (1) dat Kaaps-Hollands nie 'n barbaarse patois is nie, en (2) dat die gebruik van Kaap-Hollands op die platteland nie tot die nadeel van beskaafde spraak werk nie[3]. Die "Cape Argus" van 29 April 1880 neem die artikel van Regter Reitz in sy geheel oor uit die "South African Magazine and Review" en skryf daarby 'n inleidingsartikel wat nie net vir Regter Reitz 'n pluimpie toesteek vir sy flink betoog nie, maar ook nog, in weerwil van die destydse anti-Kaaps-Hollandse sentiment van sy lesers, 'n paar gunstige aanmerkings oor Kaaps-Hollands laat volg, byvoorbeeld: "The facts adduced by Mr. Reitz as to Cape Dutch will startle many English who, with no desire to be supercilious to anyone, have shared Mr. Wirgman's prejudices and dismissed Cape Dutch as a patois unworthy of further notice". Die inleidingsartikel verwys na Reitz se bewering dat Kaaps-Hollands 'n proses van organiese ontwikkeling deurmaak, en wys dan daarop dat, indien hy gelyk het, so 'n groeiende taal van onskatbare waarde kan wees vir Europese taalkundiges, wat tot nou toe tale alleen volgens die "post-mortem"- metode kon bestudeer.

In die volgende uitgawe van die "South African Magazine and Review" kom Eerw. Wirgman voor 'n dag met sy antwoord[4]. Hy maak hierin openlik verskoning indien sy bewering die gevoelens van die Hollandse koloniste gekrenk het, maar gaan dan verder deur te sê dat hy met die woord "beskaafd" "grammatikaal" bedoel. Hy onderskei tussen

Hollands ..

Hollands en Kaaps-Hollands; eersgenoemde beskou hy as 'n beskaafde taal, maar "when the original grammar and structure of the language is done such violence to as we see in the "Pidgeon English" chattered by the Chinamen of Hong Kong, the "Creole French" of Mauritius, or the "Cape Dutch" of "Die Patriot", it is impossible to claim the status of a fresh language for any of the linguistic corruptions thus current".(5) Ten slotte spreek hy die hoop uit dat die Afrikaners Engels ("the grandest and noblest language in the world") sal aanleer, en die poging sal laat vaar om "Hottentot Dutch" tot skryf- en spreektaal te maak.

Maar hiermee is die saak nie afgehandel nie. Gedurende die volgende vier maande sal die polemiek oor Kaaps-Hollands uitbrei en daartoe lei dat die vraagstuk aan 'n tot hiertoe ongekende deeglike ondersoek onderwerp word.

In dieselfde uitgawe van die "South African Magazine and Review" waarin Eerw. Wirgman op die artikel van Regter Reitz antwoord gee, verskyn daar nog 'n repliek, en wel deur iemand wat homself as "a Philologist" bestempel. Lydia van Niekerk laat haar as volg uit oor hierdie "Filoloog": "Hij geloofde niet dat Reitz steeds Z'n argumenten in ernst te berde gebracht had, en trachtte ze te ontzenuwen door ze belachlik te maken, waarbij veel vertoon van, soms oppervlakkige, geleerdheid te pas kwam".(6) En sy het inderdaad gelyk. Hierdie skrywer, met sy vloeiende styl, het die vermoë gehad om sy minagting besonder raak uit te bring. Al te seker het sy honende, byna veragtende toon die gevoelens van baie koloniste gekwes. Een van hulle het hom egter nie laat intimideer deur die aggressiewe houding

van .....

van, die "Filoloog" nie, en in die "Cape Argus" van 10 Junie 1880 onderneem hy om die foute in die betoog van die "Filoloog" aan die kaak te stel.(7) "Philologist" het gelyk, sê hy, Kaaps-Hollands is nie ryker aan woorde as Hollands nie, en inderdaad bewys die afwesigheid van gesproke Hollands aan die Kaap gladnie dat Kaaps-Hollands 'n selfstandige taal in plaas van 'n patois is nie. Maar dit is ook al wat "Philologist" te sê het, alhoewel "he spreads his dictatorial and pedantic utterances over eight pages". Die skrywer gaan voort met daarop te wys dat "Philologist" gladnie so 'n goeie beheer oor sy feite het as wat hy wil voorgee nie, en verwys na die flater wat hy begaan deur "modern High Dutch" "really and truly conversational and literary German" te noem, en dit te bestempel as 'n algemene taalkundige feit! Die brief word afgesluit met die volgende kommentaar: "Whether Cape Dutch is a 'patois' or not will depend altogether upon the definition we attach to the word 'patois'. If we take it to mean such dialect of a living language as is chiefly used by rustics, and the lower classes in towns, and is at the same time devoid of literary productions of any value, Cape Dutch can clearly be with justice included in the category. Its barbarity or non-barbarity must be determined by its want or possession of grammatical construction, harmonious combinations, and capabilities of expressing thoughts, feelings and emotions. M." M staan vir Marthinus Laurentius Wessels, soos uit wat volg sal blyk.

Word hierdie betoog van Wessels vergelyk met die van H.R. Woodrooffe, wat in Junie 1880 in die "South African Magazine and Review" verskyn het onder die opskrif "The 'Barbarous Patois'", of met die van "A Philologist" (Port Elizabeth)....

Elizabeth), wat onder die opskrif "The Vernacular" in die "Cape Argus" van 12 Mei 1880 verskyn het, dan kry mens die indruk dat Wessels 'n veel dieper insig in die wese van taal gehad het as al die ander deelnemers aan die polemiek. Woodrooffe, wat in die negentiger jare inspekteur van skole in Kaapland geword het, sien in Kaaps-Hollands alleen verval. Volgens Woodrooffe sou die groot aantal verkleinwoorde in Kaaps-Hollands, die gebrek aan eufimismes, en die verlies van fleksievorme tekens wees, nie van ontwikkeling nie, maar van agteruitgang. Hy sluit af met die dringende waarskuwing: "a degraded, or, rather, let us say deteriorated language may induce and indicate looseness of moral fibre, and, therefore, in the interest of moral and intellectual progress, it may possibly be for the welfare of South Africa that something better in the way of speech than Cape Dutch should be cultivated"(8).

"A Philologist" (Port Elizabeth) dryf weer die moontlikhede van taalontwikkeling tot die ander uiterste, sodat daar by hom die gedagte opkom dat die taal wat uit Engels en die taal wat uit Hollands in Suid-Afrika gaan ontwikkel, uiteindelik sal kan saamsmelt en die gemeenskaplike taal van al die Europese afstammelinge in Suid-Afrika word. Hierdie polemiseerders laat ook nie verder van hulle hoor nie. Maar Wessels neem die saak in alle erns op. Wetenskap en letterkunde het van hierdie man 'n byna lewenslange toewyding geëis, en baie jare later het hy hom die geval nog so herinner: "Before setting out, (hy het op die punt gestaan om op reis na Europa te vertrek) I had published in the Cape Argus of 10th June 1880, a letter called forth by some remarks made by one who signed himself "Philologist", and whom I shrewdly suspect was no other than Theophilus Hahn. My letter .... is headed "The 'Barbarous Patois'".

The controversy then raised induced me to study the subject carefully, and in the June, July and August numbers of the "Cape Monthly Magazine" the results of my investigations appeared".(9) Interessant is die onthulling van "Philologist" se identiteit. Twee jaar later sou hulle weer teenoor mekaar staan en houe uitmeet. Die studie van Kaaps-Hollands waarna hierbo verwys is, is van besonder belang, en verdien spesiale aandag. Dit is die aanleiding tot hierdie geskrif. Maar voordat in die volgende hoofstukke daartoe oorgegaan word,(10) iets oor Wessels self.

Marthinus Laurentius Wessels is op 21 April 1853 te Kaapstad gebore. Sy vader, Jacobus Christoffel Wessels, was vennoot in een van die oudste prokureursfirmas in die Kaapkolonie, Redelinghuys en Wessels. Marthinus was die oudste van drie seuns. Johannes Wilhelmus, die volgende broer, het dit die verste gebring van die drie: in 1902 het hy Regter geword, in 1923 Appélregter, en in 1932 Hoofregter van die Unie van Suid-Afrika. Hy was 'n wegbereider van die regswetenskap in Suid-Afrika, en sy "History of Roman-Dutch Law" is 'n standardwerk. Die jongste, die vroeggestorwe Daniel Jacobus, het 'n kort maar veelbelowende loopbaan as arts in Pretoria gehad.

Nadat hy sy vroeë opleiding aan die St. George's Grammar School ontvang het, studeer Marthinus vanaf 1866 aan die Suid-Afrikaanse Kollege, saam met die latere Lord de Villiers, Sir John Kotze, en President F.W. Reitz. Wessels het hom al van jongs af aangetrokke gevoel tot die letterkunde. Hy het ook op vroeë leeftyd al begin skrywe: 'n toneelstuk "Lucretia Borgia", wat deur sy skoolmaats opgevoer is, en heelwat verse. Sy eerste poging tot ernstige digwerk het hy op sestienjarige ouderdom gedoen, toe sy

gedig ....

gedig "Table Mountain" met die eerste prys bekroon is deur die Suid-Afrikaanse Kollege.(11) Hierna hou hy hom besig hoofsaaklik met taalkundige studies, alhoewel hy nog af en toe gedigte vertaal of self skryf.

In 1870 verlaat Wessels die Suid-Afrikaanse Kollege, nadat hy in die sogenaamde derde klas eksamen geslaag het, met Letterkunde en "Wetenskap" as hoofvakke. Vroeg in die volgende jaar laat hy hom as kandidaatprokureur inskryf by die firma Redelinghuys en Wessels. As Redelinghuys teen die einde van die jaar 'n saak in Engeland moet gaan bepleit, vergesel die agtienjarige kandidaatprokureur hom, deels om met sy deeglike kennis van Latyn, Hollands en Engels in die saak behulpsaam te wees, deels om 'n reis deur die vasteland van Europa mee te maak. Die briewe wat hy gedurende hierdie eerste reis aan sy ouers geskrywe het, getuig van fyn waarnemingsvermoë en 'n onkeerbare drang na detail.(12)

Drie jaar later - op twintigjarige ouderdom - word hy prokureur en beëdigde vertaler. Gedurende hierdie jare het hy hom vermoedelik ook al begin besig hou met die studie van vreemde tale, want in 1878 verskyn daar 'n Engelse vertaling uit die Portugees van De Barros in die "Cape Monthly Magazine".(13) 'n Hoel verdienstelike vertaling van "Herman de Ruyter" uit die Nederlands van Tollens, verskyn in Maart 1878 in die "Cape Monthly Magazine". In die Junienommer verskyn dan 'n oorspronklike gedig van hom, "Madeira - a Tale", vermoedelik kort na sy besoek aan dié eiland in 1871 geskrywe.(14) Amusant is dit om te lees wat hy in sy plakboek omtrent hierdie gedig skrywe: "The following original poem, (if such it can be called) appeared in the "Cape Monthly Magazine". It was so coolly received that I threw up poetry in disgust for a long time, and betook myself to other studies. Had I

found .....

found encouragement, it might have been otherwise, and I might have produced in time something of more value". Van die publiek het hy blykbaar die inspirasie verwag wat die Muse hom nie kon gee nie.

Intussen het hy genoeg geld gespaar vir 'n tweede reis na Europa, maar voor sy vertrek in 1880 lewer hy die belangrike bydrae tot die studie van Kaaps-Hollands waarvan reeds melding gemaak is.(15) As hy nie op die punt gestaan het om te vertrek nie, wie weet, sou hy miskien 'n nog dieper gaande studie nagelaat het; in sy artikel genaamd "Cape Dutch" sê hy altans dat hy hoop om eendag 'n deeglikerstudie te maak om voor die publiek te lê. 'n Sorgvuldige soektog onder sy nagelate boeke en geskrifte het egter geen verdere aantekeninge oor hierdie onderwerp opgelewer nie.

Langs die betrokke uitknipsels in sy plakboek skryf hy as volg: "I returned to Cape Town from my European trip in November 1881, and in May of 1882 I was again plunged into a controversy originating from some unpleasant remarks made on Cape Dutch by Theophilus Hahn on the 29th April 1882 during an address he gave in the S.A. Public Library." "During the course of the address the doctor made some derogatory remarks on Dutch Literature and spoke in a supercilious manner of Cape Dutch, or the Cape Patois, as he called it, describing it as essentially a Hottentot Idiom. Mr. Hutton, who had been asked to move a vote of thanks expressed his disapproval of the address, and this was echoed by Sir Henry de Villiers, who seconded. The address naturally called forth an indignant protest from the Dutch, but on the other hand, was approved of by one who wrote under the name of "Cosmopolitan". At first I did not know who this was, but had a shrewd suspicion (which was afterwards verified) that it was Charles Allen Fairbridge ..... after he had published

his .....

his first and second letters I thought it was time to take up the cudgels as I noticed that the Dutch who had replied missed the point, and that their effusions being in their own language, would not reach English ears. I therefore published mine of the 14th May, the appearance of which exasperated Fairbridge and led to the withdrawal of his promised third letter."

Die briewe van "Cosmopolitan" (16) is van minder belang, maar 'n verdere studie van die inhoud van die twee briewe van Wessels (17), en die antwoord van Dr. Hahn (18), laat sekere interessante aspekte van hul afsonderlike karakters uitkom. Wessels het dit nie verdra dat Dr. Hahn hom inlaat met 'n saak waaroor hyself hom as 'n gesaghebbende beskou nie. Hy wys op die onlogiese in Hahn se redenering, en voer bewyse aan. Hy teken protes aan teen die metode van 'n taalkundige wat 'n oordeel vel oor 'n taal ("Cape Dutch is Psychologically an essential Hottentot Idiom") sonder dat hy enige bewyse vir sy bewering kan lewer. Wessels sluit af met 'n duidelike definisie van sy opvatting, gebaseer op eie bevinding: vir hom is Kaaps-Hollands slegs 'n laer vorm van die taal wat deur die laer klasse ("common people") van Amsterdam gepraat is toe hierdie nedersetting gestig is, maar hy gee toë dat omtrent 'n halfdosyn woorde aan naturelletale ontleen is. Hier praat hy op die man af, tik hy 'n wetenskaplike op die vingers vir 'n onbesonne uitspraak. Hy self het die moeite gedoen om op die saak in te gaan voordat hy 'n oordeel gevel het.

Dr. Hahn neem 'n hele tydjie voordat hy met sy repliek voor 'n dag kom. Soos blyk uit die oorvloed van aanhalings uit verskillende bronne, het hy van die verlope week goed gebruik gemaak. Hy reken eers met die ander teenstanders af. Hy vlieg die korrespondent "Geen Kraai met

met Paauweveere" in, roskam 'n seker Professor van der Tuuk, en ransel die ander deelnemers in die debat een vir een af. Ten slotte kom hy by "Carissime", "dear Marthinus Laurentius". Hier is hy nie so seer kordaat as sarkasties en verkleinerend nie. G'n punt wat Wessels aangeroer het kan hy egter weerlê nie, en die hele betoog verval in 'n skimprede. Dis opvallend dat hy dieselfde taktiek gebruik as toe hy onder die skuilnaam "Philologist" geskryf het: "Is he (nl. Wessels) really in earnest?" vra hy. Verder verlaat hy hom wat sy reputasie as filoloog betref op die verklaring van sy kollegas in Europa - self probeer hy hom nie verdedig teen Wessels se beskuldiging dat hy onwetenskaplik te werk gegaan het nie.

Maar Dr. Hahn ken ook sy man, en hy weet waar sy houe die meeste sal tel. Hy weet dat Wessels nie sy akademiese kwalifikasies besit nie, daarom kom dit smalend uit die hoogte: "You have never been schooled in criticism, nor are you a judge of human nature and style". Of Wessels heeltemal langeslaan is deur hierdie rede, is nie bekend nie. Dit het in elk geval geen antwoord van hom uitgelok nie.

Teen die end van 1882 maak Wessels sy derde reis na die buiteland. Hierdie keer het hy in Genua aan wal gestap, en nadat hy weer die klassieke oudhede van Florence en Rome besigtig het, het hy oorgesteek na Egipte, om vandaar deur die Middel-Ooste te reis. Al sy wedervaringe en waarnemings het hy aangeteken met die doel om die manuskrip "Eastwards - Notes of Travel in the Levant" onder die skuilnaam Leonard West uit te gee. Om die een of ander rede het hy egter nooit sover gekom nie.

In November 1884, die jaar na sy terugkeer uit die Ooste, tree Wessels in die huwelik met Clara Greaves,

dogter .....

dogter van die argitek H.S. Greaves, ontwerper van die Parlementsgeboue, Kaapstad. Na sy huwelik vestig hy hom vir goed in Seepunt. Wessels was nou in sy een-en-dertigste jaar. Van kindsbeen het hy 'n besondere aanleg vir tale gehad. Van nou af sou hy hom toelê op die studie van vreemde tale, totdat hy geskrifte in nagenoeg twintig vreemde tale kon lees, waaronder Baskies, Japannees, Hindustani, Roemeens, en twaalf van die moderne Europese tale goed kon praat, waaronder Russies, Portugees, Frans, Italiaans, Duits, en Spaans. Die kennis van hierdie tale was vir hom van die allergrootste waarde in sy studie van die vergelykende taalkunde.

Die boekery van Wessels, wat na sy dood aan die Openbare Biblioteek, Kaapstad, geskenk is, was destyds een van die kosbaarste versamelings in Suid-Afrika, en bevat ongeveer 2150 boeke en versamelde werke. Dat hy groot belangstelling getoon het vir die taalkunde, blyk uit sy versameling van werke van die groot taalkundiges van die 19e eeu, Schlegel, Arndt, Steinthal, Bopp, Grimm, Rask, Renan, ens.. Wat die letterkunde betref, het hy hom meer aangetrokke gevoel tot die klassieke. Die meesters van die Nederlandse Goue eeu het sy besondere aandag geniet, en sy boekery bevat die versamelde werke van Cats, Huygens, Bredero, Hooft, Vondel, ens., en hy het groot genot gevind in die vertaling van werke van die Latynse en Griekse meesters. Hy was tewens ook 'n student van die eksakte wetenskappe, mechanica en chemie, en die groot aantal godsdienstige geskrifte toon ook sy belangstelling in hierdie rigting.

Vanaf 1887, afgesien van 'n kort verblyf in Pretoria in 1890, bemoei Wessels hom ook met munisipale aangeleenthede in Seepunt, destyds die belangrikste woonbuurt

van .....

van Kaapstad. Op hierdie terrein sou hy groot diens aan die maatskappy bewys. Hy word herhaaldelik as burgemeester van Seepunt gekies, en sy skrander bestuur het die stad op uit die geldelike verknorsing waarin dit verkeer het. 'n Voorbeeld van sy werkmetode bied sy pogings om die skatting van munisipale belasting op 'n regverdige en wetenskaplike basis te plaas. Weer het sy kennis van vreemde tale hom te pas gekom, want met sy ondersoek moes hy vraelyste na allerlei lande in die wêreld stuur, ten einde die grootste moontlike aantal aanslagmetodes met mekaar te kan vergelyk, om dan daaruit 'n keuse te doen.(19) Dergelike sistematiese handelswyse kom 'n mens telkens teë in die studie van sy werk.

Gedurende hierdie jare tree Wessels herhaaldelik op as spreker voor die C.J.V.M., Kaapstad. Twee van sy toesprake is nog behoue gebly: een waarin hy 'n oorsig gee van die Europese letterkunde, en een waarin hy 'n oorsig gee van Kaapse politieke toestande tot 1880. Laasgenoemde stuk is in Nederlands vertaal, deels deur homself, deels deur Dr. van Oordt, senior, en in "Het Zuid-Afrikaansche Tijdschrift"(20) oorgeneem.

Vroeg in die jaar 1905 vertrek Wessels op sy laaste reis na Europa, vergesel van sy gesin. Hulle deurreis weer die vasteland, maar vertoef die langste in Florence. Met sy terugkoms in Kaapstad, drie jaar later, word hy tot President van die "South African Association" gekies. Sy gesondheid sou hom voortaans egter nie meer toelaat om sy beroep as prokureur te volg nie.

Wessels het nog die vereniging van die vier provinsies tot die Unie van Suid-Afrika beleef. Die opening van die eerste Parlement te Kaapstad het met groot feestelikheid gepaard gegaan. Opvoerings, musiekkonserte, optogte

AANTEKENINGE.

(1) Wirgman, A.T. The Rise and development of our Native Question, in die South African Magazine and Review, Vol. 1, No. 1, Februarie 1880, bls. 4.

(2) t.a.p. bls. 8.

(3) Reitz, F.W. The 'Barbarous Patois' in die South African Magazine and Review, April 1880, bls. 128 - 136.

(4) Wirgman, A.T. Chief Justice Reitz and the 'Barbarous Patois', in die South African Magazine and Review, Mei 1880, bls. 143 - 145.

(5) t.a.p. bls. 144.

(6) van Niekerk, Dr. Lydia, De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en letterkundige Voortbrangselen, 2e druk, Kaapstad 1920, bls. 23 - 25.

(7) Wessels, M.L., The 'Barbarous Patois' in The Cape Argus, 10 junie 1880.

(8) Woodroofe, H.R., The 'Barbarous Patois', in die South African Magazine and Review, Junie 1880, bls. 197 - 200.

(9) Wessels, M.L., Odds and Ends in Prose and Verse, Plakboek, deur homself geskryf in 1911, nou in besit van sy dogter, Mev. S.M. Wale, wat my goedgunstiglik insage daarin gegee het.

(10) t.a.p. Mededeling in sy Plakboek. Verder het oorlede Adv. A.B. Wessels, seun van M.L. Wessels, in 'n onderhoud kort voor sy dood, my gehelp om die lewensloop van sy vader te rekonstrueer.

(11) t.a.p. Mededeling in sy Plakboek.

(12) Wessels het 'n paar van hierdie briewe oorgeskrywe in sy Plakboek.

(13) Wessels, M.L., The Disc overy of the Cape of Good Hope, in die Cape Monthly Magazine, Vol XVI, No. 94, Februarie 1878, bls. 72 - 78.

(14) Wessels, M.L., Madeira - a Tale, in die Cape Monthly Magazine, Vol. XVIII, No. 99, Julie 1878, bls. 55 - 64.

(15) Wessels, M.L., Cape Dutch, verskyn in drie dele in die Cape Monthly Magazine:

(1) Vol. II, Junie 1880, bls. 345 - 353.
(2) Vol. III, Julie 1880, bls. 38 - 46.
(3) Vol. III, Augustus 1880, bls. 86 - 97.

(16) Hahn, Dr. T., The Science of Language and its Study with regard to South Africa, toespraak gehou op 29 April 1882 in die Openbare Biblioteek, Kaapstad, soos weergegee in 'n verslag van die Cape Times van 2 Mei 1882.
Cosmopolitan, Dr. Hahn on Dutch Literature and de Kaapsche Taal, in The Cape Times, 3 Mei 1882.
Cosmopolitan, Dr. Hahn's Lecture, the Cape Times, 8 Mei, 1882.

Cosmopolitan .....

Cosmopolitan, Dr. Hahn's Lecture, the Cape Times, 10 Mei 1882.
Cosmopolitan, Dr. Hahn's Lecture, the Cape Times, 15 Mei 1882.

(17) Wessels, M.L., Dutch Literature, the Cape Times, 8 Mei 1882.
Wessels, M.L., Dutch Literature, the Cape Times, 11 Mei 1882.

(18) Hahn, Dr. T., Dr. Hahn's Reply, the Cape Times, 15 Mei 1882.
Hahn, Dr. T., Dr. Hahn's Reply, (vervolg), the Cape Times, 19 Mei 1882.

(19) Wessels, M.L., the Cape Argus, Obituary, 19 April 1913.

(20) Mededeling in sy Plakboek.

(21) Historische Schets en Beschrijving der Voorstelling gehouden te Kaapstad, bij gelegenheid der opening van het eerste Parlement der Unie van Zuid-Afrika, Uitgegeven door het Comité, 1910.
Die volgende artikels is deur Wessels self geskrywe en ook vertaal in Engels:

Historische Inleiding, bls. 11.
Ontdekking van de Kaap de Goede Hoop, (vertaal uit De Barros).
Opgawe van die Episodes, bls. 71.
Die Swastika, bls. 108.

II

Kritiese beskouing van Wessels se artikels in The Cape Monthly Magazine.

~~(11)~~ 1.

In die vorige hoofstuk is verwys na die reeks van drie artikels wat Wessels onder die opskrif "Cape Dutch" in die "Cape Monthly Magazine" van Junie, Julie en Augustus 1880 geplaas het. Hierdie drie stukke is in meer as een opsig 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse taalstudie, alhoewel hulle tot dusver nog nie die aandag ontvang het wat hulle toekom nie. Hulle lê dan ook opgesluit in 'n ou Engelse tydskrif van die vorige eeu, en waarvan daar maar weinige eksemplare behoue gebly is.

Die drie stukke word hier agtereenvolgens bespreek en beoordeel, en hierby moet die volgende voortdurend in gedagte gehou word: dit is die jaar 1880; twee jaar voordat Dr. Hahn sy ongegronde en onbesonne Hottentotteorie oor die ontstaan van Afrikaans op 'n vergadering sou formuleer;(1) negentien jaar voordat Professor Hesseling sy Maleis-Portugese teorie volledig sou uiteensit in "Het Afrikaans";(2) drie-en-veertig jaar voordat Professor D.B. Bosman in "Oor die Ontstaan van Afrikaans" die vreemdeling-Nederlands-teorie sou formuleer, en Professor J.J. le Roux die eerste gesaghebbende studie oor die Afrikaanse sintaksis sou lewer.(3) Ons het hier dus met baanbrekerswerk te doen. Die doel van hierdie geskrif is om die waarde daarvan te bepaal.

In die eerste artikel spits Wessels hom toe op die ontleding van die artikel "The 'Barbarous Patois'" van Regter Reitz. In hierdie artikel, wat met 'n bygaande hoofartikel in die "Cape Argus" van 29 April 1880 herdruk is, trag Reitz om sekere bewerings van Eerw. A.T. Wirgman te weerlê, en daardeur te "bewys" dat (1) Kaaps-Hollands nie 'n barbaarse patois is nie, en (2) dat Kaaps-Hollands nie tot die nadeel van beskaafde spraak werk nie.

Wessels .....

Wessels benader die onderwerp heel omsigtig in sy inleidende paragrawe. Op 'n ouderwets-hoflike manier, maar tog in lig-spottende toon, rig hy hom eers tot die man wat hy gaan bestry. As 'n ou vriend van Regter Reitz spreek hy die hoop uit dat dié hom nie sal kwalik neem as hy hom miskien hard aanval in sy kritiek nie; hy voel egter gedwonge om hom te wys op sekere skadelike onjuisthede in sy argument.

Wessels begin sy betoog deur te verwys na Reitz se aanhaling uit Max Müller se "Lectures on the Science of Language" in verband met die woord "barbarous": "If the Romans had not received this convenient name of "barbarous" ready-made for them, they would have treated their neighbours, the Celts and Germans, with more respect and sympathy; they would have, at all events, looked at them with a more discriminating eye". Wessels meen dat hierdie sitaat hoegenaamd niks met die saak te doen het nie; wat het die houding van die Romeine teenoor omliggende nasies te doen met Kaaps-Hollands as taal, wil hy weet. Tensy, meen hy gemaak-ongelowig, tensy Regter Reitz hierdie stuk siteer as 'n waarskuwing vir Dr. Wirgman om nie die woorde "barbarous" en "barbarian" te besig in verband met Kaaps-Hollands nie omdat Wirgman sodoende gevaar loop om ook die sprekers self van daardie taal, sy mede-koloniste dus, met dieselfde gemis aan naasteliefde te behandel, as wat die Grieke en Romeine teenoor hulle bure geopenbaar het.

En dit is ook presies wat Reitz bedoel het. Hy sê immers heel duidelik: vervang die woord "Romans" met "English", en "Celts en Germans" met "Afrikaners", dan lui die sin: "If the English had not received this convenient name of "barbarian" ready-made for them, they would have treated their neighbours, the Afrikaners, with

more .....

more respect and sympathy; they would have, at all events, looked at them with a more discriminating eye". Wessels begryp dus weldeeglik Reitz se redenering, maar hy beskou die toepassing daarvan blykbaar as onsinnig. Dis vir hom te belaglik om aan te neem dat Wirgman (of die Engelse) die fout sal begaan (of ooit begaan het) om mense wat alleen maar 'n "barbaarse" taal praat, self ook as "Barbare"te bejeën. Ons bespeur hier by Wessels 'n byna wetenskaplike neiging tot ontleding en differensiëring van begrippe.

In die daaropvolgende paragraaf, gee hy dan ook eers vir homself rekenskap van die term "barbaars" alvorens hy oorgaan tot die bespreking van Kaaps-Hollands as 'n "barbarous patois". Hy wys daarop, met oortuigende aanhalings uit Webster en Ogilvie se woordeboeke, dat daar 'n breë verskil bestaan tussen die betekenis van die woord "barbaars" soos toegepas enersyds op 'n taal, andersyds op 'n volk of 'n individu. Die implikasie van Wessels se uiteensetting is dus dat die aanhaling van Reitz uit Max Müller nie ter sake is nie; Müller se aanhaling dui op die woord "barbaars" soos toegepas op 'n volk, en nie op 'n taal nie, terwyl dit hier gaan om die status van "Cape Dutch" as taal.

Streng logies beskou is Wessels se argument suiwer wat betref die terminologie. En inderdaad het Wirgman, vir sover sy bedoeling in die betrokke sin uitkom, nie die volk self wat Kaaps-Hollands praat as "barbaars" bestempel nie, maar wel die taal.(4) Maar wanneer Wessels voortgaan om te sê: "A nation may be "barbarous" and yet have a polished language, or, conversely, its language may be barbarous, and yet the nation itself may not be so. Zulus are "barbarians" as being uncivilized in our acceptation of

the .....

the word, but their language, from all accounts, would seem to be anything but "barbarous", dan is dit te sterk gestel. Wessels hou dan gladnie rekening met die noue samehang tussen die taal en die sprekers van die taal nie. Volgens hom sou taal dan ook as 'n "organisme" opgevat kan word, iets wat buite die invloed van die kulturele status van die maatskappy kan staan, en nie altyd alleen maar as 'n uiting van die menslike psige, en 'n spieël van sy geestelike ontwikkeling nie. Hierdie gemis aan insig juis in die psigologie van taal en taalverhoudinge toon die skrywer telkens. Dit maak dan soms, soos hier, die toepassing van sy origens skerpsinnige opmerkings, onaanvaarbaar.

Wat Wessels se eie opvatting van 'n beskaafde taal is, laat hy nou volg. Aangesien hierdie opvatting van kardinale belang is vir 'n begrip van sy houding teenoor Kaaps-Hollands, is dit wenslik om breedvoerig aan te haal: "If a language admits of decisive, elegant, and expressive combinations, imparting a pleasing sensation to the ear as well as being capable of expressing distinctly every phase of human thought, it is not "barbarous"; and if to this power of reproducing our mental emotions be added harmonious modulations, and fixed and determinable rules of speech, - in other words, grammatical construction, the language is not only free from "barbarism" but forcible, highly civilized and polished". Hierdie definisie is onduidelik, daar dit ook 'n omskrywing bevat van wat "forcible" en "polished" in 'n taal sou wees. Maar kom ons kyk hoe hy dit toepas op Kaaps-Hollands.

Kaaps-Hollands, sê hy, is miskien geskik om die growwer menslike emosies en gevoelens, en die daaglikse

behoeftes .....

behoeftes van die spreker te vertolk, maar origens is dit nie alleen ondoeltreffend nie, aangesien dit nie daartoe in staat is om elke skakering van die menslike gedagtes helder en duidelik uit te druk nie, maar dit toon ook 'n gebrek aan uitdrukkings-middels vir elke denkbare onderwerp op die gebied van die letterkunde, die wetenskap en die kuns. Wanneer die intelligente spreker hom dan noodgedwonge van Engelse of Hollandse terme moet bedien, maak hy hom totaal onverstaanbaar vir die meerderheid van sy landgenote.

Maar, gaan hy voort, afgesien daarvan dat Kaaps-Hollands ongeskik is om die denkprosesse helder en duidelik uit te druk, tensy dit woorde steel ("filch") van een of ander verwante taal, "its utter disregard of grammatical constructions, and purely analytical nature, combined with that exuberance of consonants which would tend to make High Dutch itself harsh and grating to the ear (were it not for the rich vocabulary and wonderfully terse combinations which the latter can command), - all these objectionable qualities render it unfit to be a medium of literary communication between man and man". Sy besware teen Kaaps-Hollands is dus sy "utter disregard of grammatical constructions", sy "purely analytical nature", en sy "exuberence of consonants".

Sulke besware sou vandag van die modern-geskoolde taalgeleerde slegs 'n glimlag uitlok, maar dit is onbillik om Wessels se opvattinge te meet aan die maatstaf van die hedendaagse taalopvattinge - sewentig jaar ontwikkeling lê tussen hulle.

Van die heersende taalbeskouings in sy eie tyd blyk hy wel goeie kennis te dra: aldrie "objectionable qualities" wat hy in Kaaps-Hollands sien, is aan August Schleicher .....

Schlieben critiseer. Die veranderlikheid van grammatiese konstruksies, d.w.s. van .lobale, is deur Schlieben en die ambtenare van sy kaas beskou as toelaatbaar. Die daaraan verbandhoudende teorie dat verandering van sintaxis tot analise, terugtevoerbaar betoken, is ook afkomstig van Schlieben; dit spruit uit sy morfologiese indeling van tale. Hoewel die opvatting wat betref die klankwyksheid ban ook volkome ooreen met die algemene opvatting van die beoefenaars van die vergelykende taalkunde omstreeks 1870, naamlik dat die oertaal een van klankwet was, en dat die dogtertale net hulle wyksheid aan klankwet op klankgebied dus wel 'n gunstige ontwikkeling vandat. Blykbaar het Hoogvliet hierdie opvatting op Hoogs-Hollands toegepas, vermoedelik wel by die vergelyking van Hoogs-Hollands met die ander dogtertale van Germaans gemaak, en beslui dat Hoogs-Hollands - en ook "Hoog"-Hollands - in hierdie opsig nie voor genoeg ontwikkel het nie, juis omdat hulle en by die Bybel. Maar hy gee hier geen bewys nie, waarskynlik geen vergelykingsmateriaal nie, en dat volg nie aan volgens watter metode hy tot so 'n oordeel kan nie.

Hierna gaan Hoogvliet oor tot 'n beskouing van Hoogs-Hollands en "Hoogduits" ontwikkeling wat "Hoog"-Hollands. Hoogs-Hollands onderscheid hom nie van die gewone taalvorm van die taal wat in Holland gepraat word, integendeel, dit verontagsaam die Hollandse eienaardighede en dit ban duo met die veldte weg as "barbaars" bestempel word. 'n Belangrike toevoeging volg egter, wat bewys lewer dat Hoogvliet nie bewustelik die moontlikheid van taalkundige ontwikkeling oor die hoof sien nie: "In its present stage at all events, and so long as it has not been raised to a higher level, as Dante raised the Tuscan or Luther the German, tongue".

Dat .....

Schleicher ontleen. Die verwaarlosing van grammatiese konstruksies, d.w.s. van fleksie, is deur Schleicher en die aanhangers van sy leer beskou as taalverval. Die daarmee samehangende teorie dat verandering van sintese tot analise, taalagteruitgang beteken, is ook afkomstig van Schleicher; dit spruit uit sy morfologiese indeling van tale. Wessels se opvatting wat betref die klankrykheid kom ook volkome ooreen met die algemene opvatting van die beoefenaars van die vergelykende taalkunde omstreeks 1870, naamlik dat die oertaal arm aan klinkers was, en dat die dogtertale met hulle rykdom aan klinkers op klankgebied dus wel 'n gunstige ontwikkeling aandui. Blykbaar het Wessels hierdie opvatting op Kaaps-Hollands toegepas, vermoedelik wel sy eie vergelyking van Kaaps-Hollands met die ander dogtertale van Germaans gemaak, en besluit dat Kaaps-Hollands - en ook "Hoog"-Hollands - in hierdie opsig nie ver genoeg ontwikkel het nie, juis anderom as by die fleksie. Maar hy gee hier geen bewyse nie, verskaf geen vergelykingsmateriaal nie, en dui selfs nie aan volgens watter metode hy tot so 'n oordeel kom nie.

Hierna gaan Wessels oor tot 'n beskouing van Kaaps-Hollands as "barbaarse" ontwikkeling uit "Hoog"-Hollands. Kaaps-Hollands onderwerp hom nie aan die grammatikale reëls van die taal wat in Holland geld nie, inteendeel, dit verontagsaam die Hollandse seggingswyse en dit kan dus met die volste reg as "barbaars" bestempel word. 'n Belangrike toevoeging volg egter, wat bewys lewer dat Wessels nie heeltemal die moontlikhede van toekomstige ontwikkeling oor die hoof sien nie: "in its present stage at all events, and so long as it has not been raised to a higher level, as Dante raised the Tuscan or Luther the German, tongue".

Dat .....

Dat hy so 'n moontlikheid evenwel eerder spottend as ernstig onder oë sien, blyk uit die besware wat hy inbring teen Reitz se vergelyking van Kaaps-Hollands en Engels. Reitz het naamlik beweer: "that Cape Dutch stands in a similar relation to High Dutch as English stands to Anglo-Saxon". Wessels verwerp hierdie bewering. Kaaps-Hollands beantwoord immers nie aan die vereistes vir 'n beskaafde taal, soos wel met Engels die geval is nie; ook kan daar nie na letterkundige voortbrengsels in Kaaps-Hollands gewys word nie, terwyl daar 'n wêreld-beroemde literatuur in Engels bestaan, daarom kan so 'n vergelyking nie gemaak word nie. Wessels oortuig hier die kritiese leser. Hy beskou Kaaps-Hollands soos dit op daardie oomblik bestaan; hy wil nie oor die toekoms spekuleer nie. En van hierdie standpunt beskou het hy ongetwyfeld gelyk. Wie kon met sekerheid voorspel dat Kaaps-Hollands sou ontwikkel tot die Afrikaanse kultuurtaal? Daartoe was geloof nodig, 'n geloof wat berus het op juiste psigologiese insig. Dié het Reitz gehad en Wessels kortgekom. Maar Reitz het hier foutiewe argumente gebruik in sy ywer om die juistheid van sy stelling te bewys, en dié foute sien die skerpsinnige Wessels raak.

Wessels weerlê verder Reitz se bewering dat "our Cape Dutch is richer in words than the Dutch of Holland, for whilst adopting and, if need be, having a right to employ every word contained in the Dutch dictionary from A to Z, we have added thereto a large number of words derived from the English, Malay, and even Hottentot languages". Hy doen dit op grond van 'n praktiese beswaar: as iemand wat Kaaps-Hollands praat van die sogenaamde reg om na willekeur uit die Hollandse woordeskat te put, gebruik

sou .....

sou maak, sou hy hom onmiddellik onverstaanbaar maak vir sy mede-koloniste. Ook hier oortuig Wessels, veral deur die voorbeelde wat hy aanhaal.

Ook verwerp hy die verklaring dat Kaaps-Hollands 'n groot aantal woorde aan Engels, Maleis en die Hottentot-taal ontleen het. Daar is wel 'n aantal vreemde woorde in Kaaps-Hollands opgeneem, maar dis bymekaar nouliks meer as 'n honderd; die meeste woorde wat as vreemd beskou word, is in werklikheid sewentiende-eeuse Hollandse woorde, soos hy later in sy derde hoofstuk sal aantoon.

Dit is opvallend dat Wessels hier byna dieselfde argument aanvoer as wat Professor D.B. Bosman later sou gebruik om die beweerde deurslaggewende invloed van Maleis op die Afrikaanse woordeskat te ontken.(5) Wessels meen dat daar nouliks meer as 'n honderd woorde van vreemde herkoms in Kaaps-Hollands voorkom. Die aantal Maleise woorde moet dus heelwat minder as 'n honderd wees. Wessels gee eers in die derde artikel sy eie bewysmateriaal. Hier volstaan hy met Reitz uit te daag om 'n lang lys van sulke woorde voor te lê. Later sou Professor Bosman die getal Maleise woorde op uiters 120 stel. Wessels het hier dus goed geredeneer. Dieselfde argument het hy laat geld vir die invloed van die Hottentottaal op Kaaps-Hollands. Beide Dr. Hahn, met sy Hottentot-teorie, en Professor Hesseling, met sy Maleis-Portugese teorie, sou baat daarby gevind het om Wessels se opstelle oor "Cape Dutch" te lees.

Maar Wessels sluit blykbaar ook Engelse leenwoorde by sy berekening in. En hier klop sy beeld van die verhouding nie met die huidige nie. Vandag bestaan daar seker baie meer as 'n honderd Engelse leenwoorde in Afrikaans. Was Engelse invloed op Kaaps-Hollands dan toe swakker as

vandag .....

vandag, of was Kaaps-Hollands inderdaad toe suiwerder? Maar gedurende die sewentiger jare was die verengelsingsproses juis op sy sterkste.(6) "As Hollands wel gepraat word, word dit deurspek met Engelse woorde". (Vgl. Dr. Scholtz, bls. 176). Ons kan dit dus nouliks aanneem; Wessels bedoel waarskynlik iets anders. Onder Engelse leenwoorde sal hy alleen dié reken wat toe reeds posgevat het in Kaaps-Hollands, d.w.s. wat toe al nie meer onmiddellik herkenbaar was as vreemd nie. Hoe dit ook al sy, dit is te betwyfel of hierdie gevolgtrekking van Wessels op eie ondersoek berus.(7) Hy was goed bekend met Changuion se woordelys, soos blyk uit sy derde artikel; waarskynlik het hy sy gevolgtrekking daarop gebaseer.

In die loop van laasgenoemde argument toon Wessels weer 'n keer dat hy nie onbewus is van die moontlikhede van die ontwikkeling van Kaaps-Hollands nie: "In course of time, undoubtedly, and after producing some lasting works of genius, we might be able to convert Cape Dutch, if not into an universally admired, at all events into a tolerably efficient language. <u>But that is not now the question. We must simply take Cape Dutch as it stands, and on its own merits</u>*". Die laaste twee sinne stel weer duidelik sy uitgangspunt.

Die volgende punt waaroor Wessels met Reitz verskil, is die verklaring van die woorde <u>kaplaarzen</u> en <u>stevels</u>. Reitz beweer in sy artikel dat die korter Duitse woord <u>stevels</u> die woord <u>kaplaarzen</u> in Kaaps-Hollands vervang het. Wessels is dit nie met hom eens nie. Die woord <u>stevels</u> bestaan reeds lank in die Hollandse taal, dit bevestig alle Hollandse woordeboeke; of die Hollanders die

woord .....

* kursivering van my.

woord aan Duits ontleen het, is nie hier ter sake nie, dit staan egter vas dat dit in Kaaps-Hollands nie direk uit Duits oorgeneem is nie. Wessels kon nog op die klanke van die ontleende vorm gewys het, as afdoende bewys vir sy stelling. Kaplaarzen, sê Wessels, is vir hom onbekend; dit word ook nie in Hollandse woordeboeke opgeteken nie, wel laarzen. Hy wil dit dus laat voorkom asof Reitz op belaglike wyse van onbestaande woorde gebruik maak. Wessels is nie hier betroubaar nie; kaplaarzen was wel bekend in Nederlands, hoewel dit nie in alle woordeboeke voorkom nie. Dat Wessels nie oor genoeg bronne beskik het om op elke punt juiste gegewens te verskaf nie, kan ons hom nie kwalik neem nie; sy eiegeregtigheid is egter nie goed te praat nie.

Voordat hy oorgaan tot die bespreking van Kaaps-Hollands as 'n "patois", gee Wessels hom eers weer, net soos met die term "barbarous", rekenskap van die betekenis van die woord. Die sin van Reitz waarteen Wessels beswaar inbring, lui soos volg: "That Cape Dutch is degraded I have already disproved; that it is a dialect I deny, for that High Dutch, as a spoken language in South Africa, has any existence, excepting amongst a few recently arrived Hollanders, no one can contend. The Hollander may speak it for a while, but very soon he finds it more convenient to do as Rome does, and his children, at all events, never speak anything but the purest, (I beg pardon, the most "barbarous") Cape Dutch". Hierdie verklaring lok sterk teenkanting uit van Wessels; dit kom voor asof hy uiters gevoelig is op hierdie punt. Die meerderheid van die "hoër klasse" praat wel Hollands, meen hy, "in a slightly modified form, it is true, but still in a form which differs from the "purest" Cape Dutch as day does from night.

Their .....

Their grammar may now and then be at fault, and the distinctions of gender may be disregarded, but in the main their language is defective High Dutch and by no means the"purest" Cape Dutch",

In hoeverre is Wessels 'n betroubare waarnemer van die gebruik van Hollands? Hy self het vloeiend Hollands gepraat, maar dat hy as 'n buitengewone geval beskou is, kan ons aflei van die volgende aanhaling uit C.J. van Ryn se "Het nauwe verband tussen Hollandsch en het Afrikaansch"(8): "De Heer M.L. Wessels .... sprak vloeiend zuiver Nederlands", "Doch Wessels met z'n schone Kaapsche burgertaal was veel meer engels dan Reitz".

Interessant is die onderskeiding wat Wessels maak tussen "defective High Dutch" en "purest Cape Dutch". Dit kom daarop neer dat daar vir hom verskillende afgebakende taalkringe bestaan: suiwer "Hoog"-Hollands, "defective High Dutch", en "purest Cape Dutch", en in teenstelling daarmee miskien ook krom-Kaaps-Hollands. 'n Mens kan aanneem dat Wessels daarmee ook ooreenstemmende maatskaplike groeperings aandui; inderdaad maak hy ook melding van die "better classes", wat slegs effens gewysigde "Hoog"-Hollands praat. Hierdie beeld klop met dié wat die Nienabers gee van die taal op hierdie tydstip(9).

Wessels bewys hier dat hy self baie sterk onder die invloed staan van die maatskaplike aansien wat 'n taalvorm geniet. Hollands, of "a slightly modified form" van Hollands, was vir hom die kultuurtaal, die taal van die aansienlikes en toonaangewendes, en enige afwyking het ingedruis teen sy taalgevoel. Hierdie houding is ongetwyfeld versterk deur sy studie van die klassieke. Ondanks sy poging tot objektiewiteit, is hy nie heeltemaal vry

te .....

te pleit van doodgewone vooroordeel teen Kaaps-Hollands nie.

Die slotargument gaan oor die nadelige uitwerking wat Kaaps-Hollands op die beskaafde tale, Engels en Hollands, in Suid-Afrika sou hê. Hierdie deel is die onbevredigendste van Wessels se kritiek. Hy konstateer dat daar 'n nadelige invloed uitgaan van Kaaps-Hollands op die beskaafde tale, maar volstaan met die blote bewering en 'n verwysing na twee artikels oor "Cape English" in die "Cape Monthly Magazine" van 1872.(10) Die skrywers van hierdie twee artikels is egter oor die algemeen heeltemal gunstig gesind teenoor Engelse ontlenings uit Kaaps-Hollands; albei beskou ontlening as 'n verryking van die Engelse taal.

Wessels sluit sy eerste hoofstuk af op 'n fel aanvallende toon. Hy sal in die volgende hoofstuk bewys dat Kaaps-Hollands, "whether barbarous or not, is nothing more than a Dutch dialect - than a veritable "patois", whose origin must be sought in the Dutch writers of the seventeenth century, and the back slums of Amsterdam two hundred years ago!" Ja, sê hy, hoe onsmaaklik dit ook vir sommige mense mag wees, die waarheid moet uitkom! Voordat die gordyn op die eerste bedryf toesak, miskien soos in sy eerste toneelstuk, "Lucretia Borgia", wat sy skoolmaats opgevoer het, roep hy nog: "Dagon ("Die Patriot") must be hurled from his pedestal, the god of the Philistines must be trampled under foot!"

AANTEKENINGE.

(1) Hahn, Dr. T., The Science of Language and its Study with regard to South Africa, Cape Times, 2 Mei, 1882,

(2) Hesseling, D.C. Het Afrikaansch, Leiden, 1899.

(3) Bosman, D.B., Oor die Ontstaan van Afrikaans, Amst., 1923.
Le Roux, J.J., Oor die Afrikaanse Sintaksis, Amst., 1923.

(4) Wirgman, A.T., The Rise and development of our Native Question in die South African Magazine and Review, Vol. 1, No. 1, Februarie 1880, bls. 8.

(5) t.a.p. (3).

(6) Scholtz, Dr. J. du P., Die Afrikaner en sy Taal, Kaapstad, 1939, bls. 171 - 190.

(7) Changuion, A.N.E., Proeve van Kaapsch Taaleigen, in De Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika hersteld, Kaapstad, 1844.

(8) Van Ryn, C.J., Het nauwe verband tussen het Afrikaans en het Hollands, Kaapstad, 1914, bls. 12, bls. 23 - 24.

(9) Nienaber, Drs. G.S. en P.J., Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging, Pretoria, 1941, bls. 117 - 118.

(10) Y, Cape English, in die Cape Monthly Magazine, Vol. V, September 1872, bls. 182 - 183;
Z, Cape English, Cape Monthly Magazine, Vol. V, Oktober 1872, bls. 228 - 233.

~~(111)~~

2.

In sy tweede hoofstuk stel Wessels hom ten doel om te bewys dat die oorsprong van Kaaps-Hollands gesoek moet word, nie slegs (in die algemeen) in die gesproke en geskrewe Hollands van die sewentiende eeu nie maar ook (meer bepaald), in die taal van die laer stande ("lower classes") van Amsterdam. Met "lower classes" bedoel hy dan, soos blyk uit die voorlaaste paragraaf van die vorige hoofstuk, die bewoners van die Amsterdamse "slums". In hierdie tweede hoofstuk herhaal hy nie die woord "slums" nie. Het hy miskien intussen tot die besef gekom dat hy dit te sterk gestel het?

Indien hy nie in hierdie onderneming slaag nie, maak hy verskoning, sal dit alleen te wyte wees aan die gebrek aan ruimte in 'n tydskrif, want so 'n taak kan alleen met sukses uitgevoer word na 'n lang, uitvoerige studie, en sou eintlik die omvang van 'n verhandeling moet aanneem. Op die oomblik het hy egter nie die nodige tyd daarvoor nie, maar hy spreek die hoop uit dat hy tog eendag dieper op die saak sal kan ingaan, en sy omvattender bevindings dan voor die publiek sal kan lê. Soos reeds vermeld, het 'n soektog onder sy nagelate boeke en geskrifte niks van hierdie aard opgelewer nie.

Duidelik sit hy sy oogmerke uiteen: "For the present I shall content myself with pointing out the direction in which, I apprehend, this study can be most successfully carried on, and shall find myself amply repaid for my efforts, if some abler pen than mine will devote itself to the cause of dissipating the obscure notions which have hitherto been held with regard to the subject of this essay". As ons van die begin af Wessels se werk in hierdie lig beskou, sal die betekenis daarvan des te beter uitkom: dit

is .....

is maar 'n vroeë proef, 'n tasting na die eintlike oorsprong van Kaaps-Hollands.

Hoe moet daar dan te werk gegaan word? Eers, meen hy, moet die historiese gebeurtenisse en toestande, wat gelei het tot die invoer van Hollands in Suid-Afrika, in oënskou geneem word. Self gee hy dan 'n oorsig van dié vroeë geskiedenis. Sy skets van die gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap, laat niks te wense oor nie; sy beskrywing getuig van belesenheid, soos blyk uit die bronne wat hy aangee: van Kampen, Raynal, Moodie, Martin, Theal, Thunberg, Kolbe, de Jong, Watermeyer, Bernardin de St. Pierre, Noble, Hendersen.

Dan kom hy tot 'n beskrywing van die eerste koloniste: "The first colonists were for the most part Dutchmen of an inferior type, as appears not only from the fact that nearly all the documents embodied in Van Riebeek's journal bear marks or crosses, thus clearly showing that their signatories were illiterate men, but the leader of the expedition himself, in one portion of his journal, gives a classified list of the men who were under his command on the 11th December, 1652. ------ in all one hundred and twenty-four "men in pay, of which number some were constantly sick in bed, and many lazy skulkers from whom little work was to be had, and whom it were better to have discharged." "These are van Riebeek's own words", voeg hy in 'n voetnoot by, en verwys daar ook nog na Martin se "British Colonies" Div. Vll p. 6: "Among these, we learn from later despatches, were included some soldiers, several convicts and probably a few slaves; the remainder were chiefly a low class of peasants".

Redes vir sy vermoede dat die eerste koloniste maar van lae afkoms was, word nog verder opgestapel: "That many of these were of a very low class indeed is proved by the frequent thefts which were committed during the earlier years of the colony, and by the ignominious punishments to which they were constantly subjected for all manner of offences."

Wat 'n mens ook al van Wessels se seleksie van feite en die interpretasie daarvan mag dink, die feite self is nie uit sy duim gesuig nie. Dit is jammer dat hy nie die verhouding tussen kruisiestekenaars en geletterdes probeer opspoor het nie - "nearly all" is maar 'n vae getal. Maar dat die verhouding heelwat ongunstiger moes gewees het as in Nederland self, is uit die aard van die saak begryplik. Vir sover dit die eerste koloniste aangaan, d.w.s. die amptenare en dienaars van die H.O.I.K. aan die Kaap onder bewind van van Riebeek, is Wessels se gevolgtrekkings dus aanneemlik.

Wessels hou egter nie genoeg rekening met verbetering in die sosiale groepering nie. Wel impliseer hy vooruitgang wanneer hy sê: "in 1655, when a short sojourn having already given the adventurers a certain interest in the soil, a few of the most respectable* of the Company's servants were permitted to make small gardens, and to sell the products thus obtained for their own advantage". Uit Theal haal hy aan: these "were mostly petty officers with families, who drew a sum of money instead of rations". Ook in die daaropvolgende paragraaf wys hy op die voorwaarde dat hierdie vryburgers "married men of good character" moes wees. Maar hy bly tog die voorbehoud maak dat: "most of these had come out as soldiers, sailors and common labourers; for a long time afterwards the colonists were of a similar

* kursivering van my.

type" .....

type", en verwys na Watermeyer. Al die immigrante wat hierna as vryburgers aangekom het, skeer hy dus oor dieselfde kam: hy doen verder geen poging om die afkoms of intellektuele ontwikkeling van die latere vryburgers, wat die kern van die Kaaps-Hollands-sprekende volk sou uitmaak, te beskrywe nie.

Wat die herkoms van die eerste koloniste betref, skryf hy: "That the greater part of the original colonists were of Dutch origin is manifest from the subscriptions to the various documents quoted by van Riebeek, as well as from the names continually mentioned by him in his journal". Die juistheid van hierdie bewering is later gestaaf deur die berekenings van Colenbrander (1) en Bosman en Geyer (2). Sy volgende gevolgtrekking getuig egter nie van suiwer logika nie: " The vessels in which the first batch had come started from the harbour of Amsterdam, and there is consequently strong presumption that that city had furnished, if not the whole, at all events a considerable quota of the original contingent".

Amsterdam het, indien nie die hele nie, dan wel 'n aansienlike deel van die eerste kontingent gelewer, <u>omdat</u> die skip uit daardie hawe vertrek het! Hier speel Wessels se vermoede dat die Amsterdamse dialek die deurslag gegee het by die ontstaan van Kaaps-Hollands hom parte, en verval hy in dieselfde fout as Reitz om 'n vooruit vasgestelde opvatting deur foutiewe redenering te wil bewys. Ook sy vorige bewering, dat die ontstaan van Kaaps-Hollands "among the lower classes of Amsterdam, as they were two hundred years ago" gesoek moet word, berus op hierdie tot dusver in sy artikel nog onbewese teorie. Sy vermoede is waarskynlik versterk deurdat 'n aansienlike aantal van die

latere .....

latere stammoeders uit die Amsterdamse weeshuis afkomstig is.

Alhoewel daar selfs vandag nog nie met vaste sekerheid kan gesê word uit watter streke van die Nederlande al die Afrikaanse stamouers afkomstig is nie, - en al kan dit naastenby vasgestel word, laat die interpretasie van die syfers nog veel te wense oor - is daar tog al genoeg betroubare gegewens om aan te toon dat Wessels se gevolgtrekking hier glad te oppervlakkig gemaak word. Vergelyk met die resultate van Dr. H.T. Colenbrander en veral met die verbetering daarop deur Dr. D.B. Bosman, blyk Wessels se tekortkoming hier te wees dat hy nie self navorsingswerk in hierdie rigting gedoen het nie, maar sy gevolgtrekkings op bykomstige faktore gebaseer het.

Oor die taal van die koloniste laat hy hom as volg uit: "It is, therefore, but natural that the earlier settlers should not only have taught the Hottentots, with whom they came into contact, the language which they had spoken in the Fatherland, but should also have imparted the knowledge of their native tongue to such foreigners as may from time to time have been induced, by desire for gain, to make a permanent residence of the Colony." Wessels was so sterk daarvan deurdring dat die koloniste hulle taal op vreemdes en inboorlinge afgedwing het, en nie andersom nie, dat hy dit tot driemaal toe in hierdie hoofstuk herhaal. Nêrens gee hy toe dat vreemde tale besondere invloed op die struktuur van Kaaps-Hollands uitgeoefen het nie. Hy beweer selfs dat Maleise en Portugese woorde nie oorgeneem is omdat die slawe hulle taal hier bly praat het nie, maar omdat die koloniste reeds vertroud was met baie van die begrippe.

Baie van die koloniste het voorheen in die Ooste vertoef, en elke vaartuig wat by die Kaap aangedoen het

op .....

op pad na of van Batawië het manne aan boord gehad wat goed bekend was met die Oosterse tale, waaraan hulle name van speserye en kruie, asook van Oosterse kleredrag en eetware ontleen het. "It is, therefore, by no means necessary to ascribe the introduction of such words of eastern origin as Cape Dutch contains to the influx of Malay and Indian slaves, or to such slaves having been exclusively employed for culinary purposes. The slaves who were imported since the year 1658, as well Negroes, from the Portuguese settlements, as Asiatics from various portions of India and the Malay Archipelago, were compelled to learn the Dutch language, strict care being taken to insure their doing so, and Kolbe, who travelled in this country in 1706, confesses that many of the Hottentots could converse fluently in Dutch". Die nadruk val hier baie sterk op die aanleer van Nederlands deur die vreemdelinge.

Ook die Franse vlugtelinge, wat teen die end van die sewentiende eeu die land binnegekom het, het nie deur middel van hulle eie moedertaal veel invloed op Kaaps-Hollands gehad nie, "if we take into consideration that they were but one hundred and fifty in all, and that at the period of their arrival, the earlier colonists had not only increased considerably in number, but had already imparted their language to the slaves and the aborigines with whom they had come into immediate contact". Al eerder het hy, met verwysing na Martin, geskryf: "So completely did the language prevail, that the slaves and Hottentots soon acquired it sufficiently to speak it even among themselves, as did also the French immigrants, whose very names lost their nationality".

Later .....

Latere ondersoek het Wessels hier gelyk gegee. Dis sy verdienste dat hy raakgesien het dat nie vreemde tale in die mond van Nederlands-sprekendes, maar Nederlands in die mond van vreemdelinge, die uitgangspunt moet wees by die studie van Kaaps-Hollands. Wessels se gedagtes het hier baie na aan die vreemdeling-Nederlands-teorie oor die ontstaan van Afrikaans gedwaal. Hy kom net nie so ver as om dit te formuleer nie.

Wessels gaan nou oor tot 'n beskouing van die aard van Kaaps-Hollands, en die oorsake van sy verandering in die volksmond.

Hy wys op die lewenstoestande onder die bewind van die H.O.I.K.: die wette was streng, persoonlike vryheid het nie bestaan nie (die skrywer van "Lafrique Hollandais", p. 59, noem die koloniste uitdruklik slawe), die godsdiens was streng voorgeskrewe en leesstof was beheer deur die owerheid. Onder sulke omstandighede, meen hy, is dit maklik te verstaan dat die koloniste aan die Kaap "stagnated in their manners, their ideas, and their language ..... and it is but natural that the monotony of their habits, feelings and customs should have exercised a remarkable influence over their language; should have stereotyped it, as it were, to such a degree that, with very slight modifications*, it is spoken at the present day very nearly, if not quite, in the same manner as by van Riebeek and his humble followers, two hundred years ago. Add to this that the schoolmasters of this country were generally disbanded soldiers, a fact to which several persons can still testify from their own experience, and I ask whether it is to be at all wondered at if, from a highly inflectional and synthetic language, the Dutch imported into .....

* kursivering van my.

into this colony had gradually and imperceptibly lost its inflections, and become a purely analytic tongue, even when we discard all influences of a foreign nature*". In hierdie laaste sin kom Wessels weer baie na aan die vreemdeling-Nederlands-teorie; dit is egter duidelik dat hy aan die ander oorsake wat hy hier opnoem, tog meer waarde heg as faktore wat die ontstaan van Kaaps-Hollands in die hand gewerk het.

Hoe kan Wessels bewys dat Kaaps-Hollands dieselfde taal is wat van Riebeek en sy volgelinge gepraat het? Dit strook nie met sy bewering in die laaste sin, dat Kaaps-Hollands "gradually and imperceptibly lost its inflections" nie, d.w.s. wysiging ondergaan het wat betref sy vormleer. Buitendien erken hy later dat daar 'n heelsbreë verskil bestaan tussen die gesproke en geskrewe taal; die geskrewe taal uit die sewentiende eeu kon hy nagegaan het in oorgeblewe dokumente, - alhoewel hy blykbaar nie kennis geneem het van die waarde van sulke dokumente by die studie van die ontwikkeling van Kaaps-Hollands nie, - maar van die gesproke taal van die koloniste onder van Riebeek, het hy geen beeld gehad nie. Hier stuit ons dan weer op ongegronde redenering.

Die bewys dat 'n taal onder bepaalde omstandighede vir 'n onbeperkte tyd sy karaktertrekke kan behou, sien hy in die geval van Yslands. Die Yslanders het onder dieselfde toestande van onderdrukking geleef as die koloniste aan die Kaap, met dieselfde gevolge: stilstand op die gebied van lewenswys en taal. In een opsig verskil die twee lande egter van mekaar: in Ysland "persistent education and the cultivation of the intellectual faculties have tended to preserve the ancient Scandinavian dialect in its pristine form. Whereas defective education and promiscuous .....

promiscuous intercourse with slaves and barbarous Hottentots have, in our case, gradually conduced to the modification of the Dutch language in South Africa, and to the loss of its inflectional system". Wessels oordrywe wanneer hy Yslands as 'n "pristine form" van die ou Skandinawiese dialek bestempel. Waar hy die opvoeding aan die Kaap bespreek, hou hy nie rekening met die veredelende invloed wat die Bybel op die taal uitgeoefen het nie.

Dit val dadelik op dat Wessels hom hier veral besig hou met uitwendige omstandighede wat tot taalverandering of taalbehoud kan bydra. Van die inwendige oorsake van taalverandering het hy en sy geslag nog nie alles geweet nie. Dit is of hy dit voel. Bo-aan bladsy 44 sê hy: "although it may not be possible to give an exact account of the various causes which tend to produce such a result". Taalverandering as 'n proses van gelykmaking en uitskakeling, en die rol wat die verskillende Nederlandse dialekte in Suid-Afrika gespeel het by die ontwikkeling van Afrikaans, is dinge wat hy nie helder raakgesien het nie, alhoewel hy in sy derde artikel blykgee dat hy die belang van dialekstudie vermoed. Sy geloof in die begrip taalverval in plaas van in die van taalontwikkeling het dit vir hom onmoontlik gemaak om die Kaaps-Hollandse verlies van fleksie in die juiste verhouding te sien.

Hardnekkig hou hy vol "That this want of inflection is limited, (in the higher classes at all events), to an indiscriminate use of the article in one form to denote every case and gender, no one will deny; and it is only in the lower, I might almost say the lowest, the altogether uneducated classes, that the loss of inflection becomes generally perceptible in the verb".

Hy verwys na die artikel "English and Cape Dutch"

in .....

in die "Cape Monthly Magazine" van 1872 waarin die skrywer, "one of Mr. Reitz' brother judges", die verlies aan fleksie in Kaaps-Hollands toeskryf aan die invloed van Frans, na die koms van die Hugenote. In die afwesigheid van proewe van die gesproke Kaaps-Hollands van die tyd ("for even at the present day the Dutch written by our farmers, differs remarkably from that which they speak") kan hy hierdie teorie voorlopig nie afdoende weerlê nie, alhoewel hy van gedagte is dat ~~die invloed van~~ hierdie betreklik klein klompie immigrante maar min invloed sou uitgeoefen het op die bevolking wat intussen nie alleen heelwat vermeerder het nie, maar ook reeds hulle taal op die slawe en inboorlinge oorgedra het.

Nee, die wysiging wat Hollands in Suid-Afrika ondergaan het, moet toegeskryf word: (1) aan die gebrekkige onderwys van die blanke bevolking; (2) aan die feit dat die koloniste afstammelinge was van arbeiders, ambagsmanne en ongeskoolde werkers, sowel as van weggedroste soldate en matrose, wat getrou het met armblanke vroue uit Amsterdam, en wat dikwels gepaar het met Hottentotte; (3) die gewoonte van die koloniste om die onderwys van hulle kinders toe te vertrou aan ongeletterde soldate en suiplappe, van wie daar niks beters as 'n hoogs onvolmaakte taal geleer kan word nie.

"Such were more likely the causes immediately effecting the inflectional changes which Dutch underwent in this colony; and the marvel is that, notwithstanding all these adverse forces, it should have survived to the present day in a state of almost pristine vigour, and that it should steadily, but surely, have obliterated nearly every trace of the various tongues imported from time to

time .....

time in its stronghold".

Dit klink weer byna na lof vir Kaaps-Hollands. Telkens is dit asof Wessels, ondanks sy vyandigheid, deur sy eie redenering tog gedwing word om tot resultate te kom wat hom verras. Na hierdie ontdekking van die uithouvermoë van Kaaps-Hollands laat hy gou volg, asof om homself gerus te stel: "English, it is true, but English only, is gradually gaining ground". En hy vind steun by die onbekende skrywer wat die artikel "English and Cape Dutch" in die "Cape Monthly Magazine" van 1872 onder die skuilnaam D.U.M. geplaas het.

Hy eindig met die uitspraak van D.U.M.: ("English") "will eventually prevail over Cape Dutch" en "having obtained our full share of liberty, and the privilege of conducting our own government, we shall form but one race and have but one language".

AANTEKENINGE.

(1) Colenbrander, Dr. H.T., De Afkomst der Boeren, 1902.

(2) Bosman en Geyer, Tydskrif vir Wetenskap en Kuns 1922-23.

In sy derde hoofstuk gaan Wessels oor tot 'n bespreking van die hoofkenmerke wat Kaaps-Hollands van "Hoog"-Hollands onderskei. Hierdie afwykings plaas hy onder 6 hoofde: 1) betekenisverskil 2) elisie van sletkonsonante 3) die dubbele ontkenning 4) uitspraakverskille 5) verlies van fleksie 6) ontlening van enkele vreemde woorde.

Dit val dadelik op dat Wessels hom hier nie bepaal by 'n skema wat op wetenskaplike basis berus nie. Dat hyself die onvolledigheid van sy uiteensetting besef het, blyk uit die daaropvolgende paragraaf: "In the following slight sketch, I can do no more than barely call attention to a few of the more salient characteristics, as it would require not only abundant leisure and careful study to bring forward any well-digested scheme, but also a thorough* knowledge of the various Dutch dialects still in vogue".

Skerpsinnig sien hy hier die behoefte raak aan 'n deeglike kennis van die verskillende Hollandse dialekte by 'n studie van die ontstaan van Kaaps-Hollands. Hoe ver hy sy tyd vooruit was blyk daaruit dat die jongste bydrae tot hierdie studie 'n verhandeling is juis oor die onderwerp. Dit heet "Dialekvermenging en Taalontwikkeling", en die skrywer toon alleen maar noukeuriger formulering as by Wessels, wanneer hy sê: "Die .... probleem waarmee ons sal moet rekening hou, is of ons uit die dialekte vandag nog genoeg kan leer van die taal van die sewentiende eeu" (bls. 49). Dis egter onverklaarbaar dat Wessels wat hier oor die belang van "various Dutch dialects" praat, in die vorige hoofstuk die invloed van die verskillende Nederlandse dialekte verontagsaam, en beweer dat die oorsprong van Kaaps-Hollands bepaald in die taal van die laer klasse van Amsterdam gedurende die sewentiende eeu gesoek

* kursivering van my.

moet .....

moet word.

Wessels was vertroud met die belangrikste werke van die meeste sewentiende eeuse Hollandse skrywers, o.a., Cats, Huygens, Bredero, Hooft, Vondel. 'n Deeglike studie van hierdie werke het hom tot die insig gebring dat Kaaps-Hollands dikwels ooreenkoms vertoon met 17de eeuse Hollands waar dit afwyk van 19de eeuse Nederlands. Onder die bogenoemde 6 hoofde bespreek hy dan dié woorde en konstruksies wat hy uit 17de eeuse Hollands opgeteken het, omdat hulle ooreenkoms vertoon met Kaaps-Hollands.

Die groot verskeidenheid van taalmateriaal wat Wessels in hierdie hoofstuk byeengebring het, getuig van sy belesenheid en sy fyn waarneming. Hy probeer sistematies te werk gaan deur sy taalmateriaal onder bepaalde hoofde te behandel, maar sy indeling self gee nie deurgaans blyk van wetenskaplike ordening nie. Hoofde 1) en 6) waaronder hy respektiewelik betekenisleer en vreemde woorde behandel, kon hy nader aan mekaar gegroepeer het, miskien as twee onderafdelings van die woordeskat, omdat hy onder 6) ook weer woordbetekenis insluit. Onder 2) en 4) bespreek hy die klankleer. Die twee hoort ook bymekaar. Onder 3) kom dan enkele verskynsels op die gebied van die sinsleer, en onder 5) 'n paar aspekte van die vormleer. As hy hom nou onder sy aparte hoofde gehou het aan sy onderwerp, sou hy 'n groter mate van orde gehandhaaf het, maar onder 4) behandel hy byvoorbeeld nie net die klankleer nie, maar ook woordeskat en sinsbou deurmekaar. By die behandeling van die afsonderlike verskynsels vertoon hy ook 'n duidelike gebrek aan tegniek. Dit is sonder twyfel die werk van 'n dilettant.

'n Dilettant ja, maar tewens ook 'n fyn waarnemer

en .....

en 'n liefhebber van die taalstudie. Al was hy nie 'n geskoolde taalkundige nie, sy denkwyse was gesond, en vir sy tyd buitengewoon progressief.

Die taalmateriaal wat hy versamel het, kan dan ook vandag nog tot groot nut wees by die studie van die ontstaan van Afrikaans. Met die oog hierop, en ook om 'n beter insig te kry van die omvang en aard van sy bydrae, is dit miskien wenslik om sy eie indeling te verontagsaam, en in plaas daarvan die materiaal te rangskik onder breër en logieser indelings, naamlik woordeskat, klankleer, vormleer en sinsbou. In hierdie poging om die verskillende voorbeelde wat hy behandel in hul verband op te noem, kan die volgorde waarin Wessels hulle plaas natuurlik nie gehandhaaf word nie. Dit sal in elk geval nie nodig wees om die materiaal te veel te skommel nie: sy hoofde 1) en 6) sal onder woordeskat bespreek word, 2) en 4) onder klankleer, 5) onder vormleer en 3) onder sinsleer.

A. Uit die werke van die 17de eeuse skrywers het hy die volgende woorde aangeteken wat in 'n gelyke betekenis of funksie in Kaaps-Hollands behoue gebly is, dog in 19de eeuse beskaafde Nederlands óf heeltemal verdwyn het, óf afwykings vertoon: aardig (Bilderdyk), altemit, alleenig, attraperen (van Riebeek), botteltjes (Simon Turver), bykans, bakkies, bohay, daelders, discours (v. R.), deurgaan (v.R.), hart (moeyelyk), kop, kooi (Huygens), combuis (Huygens, v. R.), kaokerlack, kalander, koebeest (v.R.) lamsboutje (v.R.) library (Meyer's woordenschat), motregen (stofregen)manqueeren (v.R.), neef, nicht (Bilderdyk), negotie (v.R.), oolyk (Oats, Huygens), oortgens, paayen (v.R.), parmantig (Meyer's woordeschat), rusie, (Hooft, Warenar), risico (v.R.) roer (v.R.), schoon maken (Frederik

Verburg ...

Verburg), slim (van Lennep), snater, sieur (Hooft, Warenar), stueren (Zenden), sapperloot, stop (as in English), servet, spanderen (v. R.), stilletjes (v. R.), snaphaen (v.R.), tracteren (v.R.), vooteren (v. R.) - uit 1) en 4).

Die volgende 17de eeuse Hollandse woorde het 'n betekenisverandering in Kaaps-Hollands ondergaan: aanzienlyk, afnemen (tafel afnemen), braaf, bly, doodmaken ('n kers of vuur), kuyeren, iets te keer gaan, oorlam, schoon (altogether), uitwaayen (Kaaps-Hollands: wat het ek met jou uit te waai), vermaken (Kaaps-Hollands: ik laat my nie van jou vermaak nie), wys, - almal uit 1).

Van die behandeling van hierdie woorde kan opgemerk word dat Wessels nêrens bepaalde bewysplase aangee, waaruit die verband duidelik blyk nie. Dikwels meld hy alleen die naam van die skrywer, maar nie van die werk nie. Hy erken ook dat hy uit Changuion se "Nederduitsche Taal in Zuid-Afrika Hersteld" geput het, maar vermeld nie presies wat nie. Af en toe is sy voorbeelde om te bewys dat woorde ou-Nederlands is 'n bietjie onduidelik. Die verklaring van sommige woorde is ook nie heeltemal oortuigend nie.

Wys, byvoorbeeld verklaar hy as volg: "Wys as denoting insolence is, indeed, strange to Holland, but it appears to me to be merely a contraction for wysneuzig, as people who are wysneuzig are usually insolent at the same time", en vervolg in 'n voetnoot: "Changuion's suggestion that it is derived from vys a form of vies seems too far-fetched". Ons kan met hom saamstem oor Changuion se verklaring - Wessels se verklaring is

inderdaad .....

inderdaad aanneemliker - maar hy sou oortuigender gewees het as hy bewyse kon lewer dat daar wel ander dergelike verkortings in Kaaps-Hollands ontstaan het. En waarom kan dit nie ewe goed uit "eigenwijs" ontstaan het nie?

"A curious instance of a word changing its meaning completely is to be found in oorlam which strictly meant a dram (of gin) and then, figuratively, an experienced sailor, so that for a long time it was employed by us in the sense of clever, cunning, but now most people apply it to a person who can work, but pretends not to be able to do so, evidently associating it with oor, over, and lam, lame". Wessels het klaarblyklik nie die oorspronklike waarde van die Maleise uitdrukking nagegaan nie, maar volgens die betekenis geredeneer, en so die betekenisontwikkeling net omgedraai. Hier staan die Kaaps-Hollandse gebruik naamlik nog nader aan die oorspronklike, as die gelyktydige Nederlandse gebruik in die sin van 'n sopie jenewer.

Nog 'n voorbeeld van Wessels wat ons kan kontroleer, is sy verklaring van die woord bottel. Deur aan te toon dat Simon Turver die woord botteltjes in sy joernaal gebruik het, wil Wessels te kenne gee dat bottel teruggaan op 17de eeuse Nederlands. Hierdie enkele voorbeeld oortuig natuurlik nie.

Onvolledige verklarings gee hy byvoorbeeld by aanzienlik en bly: "The word aanzienlyk when speaking of a person usually denotes, portly, stately, distinguished, but we often use it for good-looking". en: "So blyven in the expression waar bly jy, where are you living, is no longer used in High Dutch". By die verklaring van die eerste, neem hy stilswygend aan dat aanzienlyk in Nederlands

vroeër.....

vroeër ook die betekenis van "good-looking" moes gehad het, en by die tweede impliseer hy dat bly wel vroeër in die betekenis gebruik is, ("no longer used in High Dutch"), maar sonder om sy bronne aan te gee. Nóg die Mnl. Wbk. nóg die WNT gee egter voorbeelde van die betekenisse, en dis dus nie uitgeslote dat die wysiging eers in Kaaps-Hollands self ontwikkel het nie. Dieselfde beswaar geld van sy voorbeeld af nemen.

Ook as erfgoed - "genuine Dutch words, but with a different signification" - beskou hy die volgende: droster, karkatje, mangels, pampoentjes, pappelellekoorts ("pappe, lel, koorts, a fever, a symptom of which is the relaxation of the uvula"), maskie ("another form of misschien, or perhaps a contraction for het mag geschiên"). 'mos of 'mes ("a contraction for immers"), tata ("the old Dutch ate or tatè, meaning a father") - uit 6).

"The so-called bastard words, or those derived from the French, and now seldom used in Holland, were in constant use during the seventeenth century, and are still frequently heard here, particularly among members of the former generations". As voorbeelde van hierdie klas meld hy attraperen, spanderen, taxeren - uit 6). Hy bedoel klaarblyklik nie dat Kaaps-Hollands hierdie woorde aan Frans ontleen het nie, maar wel dat hulle via 17de eeuse Nederlands in Kaaps-Hollands gekom het, dus erfgoed is.

Kaaps-Hollandse uitdrukkinge wat ook in 17de eeuse geskrifte voorkom is: houw op, een spul, te keer gaan, lont ruiken, sonder jocken, een klap om de ooren, as jy dit nie doet nie dan zel ik jou slaan, ik ken hom op een prik, op een haar, op een duit, myn vader is stock out, ik ben boeglam, ik zeg me ja is me ja en me nee is

me .....

me nee, men slaat twee vliegen mit ien (k)lap, krygt ze de snof van de pot mit gelt in de neus, als is aan flenters, leelyke rackers, aepekleuters, goets moets, gansch en gaer, hy is een askat, een fluckse kerel, katje van de baan, achterbax, sus of soo, hy het my kwaad gedaan, ik zel jou een staeltje vertellen, jy zel myn nie verlakken nie, kom laat ons aan tafel gaan, ik zel dit straks doen, deur de bank, mit een mes as een vliem, jy maekt dit te bont, ik zie jou nie ver vol aan nie, ik doe dit op myn eigen houtje, hy is weer op de been, vergange nacht, myn gonne!. Hier onderskei hy nie tussen die uitdrukkings wat metter-tyd uit beskaafde Nederlands verdwyn het, en dié wat ook daar behoue gebly het nie, sodat ons hier geen helder oor-sig kan kry van wat spesifiek 17de eeus is nie.

Sies! en tjoep bestempel hy as klanknabootsinge. Saam met ouwelap ("(which) would appear to be a jocular term for penny"), wat hy nie bepaald as 'n erfwoord of 'n ontlening beskryf nie, maak hierdie woorde die enigste eiewoorde uit wat hy in Kaaps-Hollands vind. Sy enkele voorbeelde van samekoppeling, staelebyl (staelen byl) albei (alle beyde) skryf hy nie toe aan 'n eie ontwikkeling in Kaaps-Hollands nie, maar as 'n oorerwing uit 17de eeus Hollands. Hy het Kaaps-Hollands immers nie as 'n taal beskou wat besig was om in 'n eie rigting te ontwikkel nie.

In die eerste hoofstuk het Wessels heftig ontken dat Kaaps-Hollands 'n groot aantal woorde aan die Hotten-totte en slawe ontleen het, soos voorgegee deur Regter Reitz; hy het hom uitgedaag om 'n lys op te stel van sulke leenwoorde, en voorspel dat hy nouliks meer as 'n honderd sou vind. Onder 6) gee hy dan self so 'n lys van leen-woorde in Kaaps-Hollands.

Die .....

Die Kaaps-Hollandse voorouers het 'n woordeskat saamgebring wat voldoen het aan die vereistes van die daaglikse omgang, maar vir vreemde dinge het hulle die terme ontleen aan die vreemde tale waarmee hulle in aanraking gekom het. Daarom is aan die Hottentotte die woorde karosses, karroo, dagga, gouph, in hul oorspronklike vorm ontleen, sowel as name van inheemse plante en plekname. Later meld hy ook die uitroep arri as vermoedelik van Hottentotse oorsprong. Oor Hottentot-ontlenings volstaan hy verder met 'n aanhaling uit die "Cape Monthly Magazine": "Cape Dutch has derived few words from the native inhabitants of this country. It is, therefore, as wrong to call the Cape Patois Hottentot Dutch, as it would be to speak of English as Celto-Saxon".

Wessels gee toe dat Kaaps-Hollands woorde ontleen het aan Maleis. "There is, however, no actual necessity for assuming that these words were introduced by the slaves imported into this Colony, as they must have been in constant use among the Portuguese and Dutch traders, and might just as well have been brought here by some of the first settlers who landed on these shores".

As Maleise woorde in Kaaps-Hollands beskou hy: pierinkie (from Malay piering, a saucer or tray), sjambok (from Malay sjaboot, or sjabok, a whip), soesati (from Malay soesatoe, one by one, as the pieces of meat are taken up one by one and strung on a bamboo spit), boeboti (perhaps from boemboe, a sort of prepared curry powder), toedoeng (a sort of hat from a similar word signifying to cover), pondok, en sambillee (to kill any living creature by cutting the throat after the Mahommedan fashion). Oor Kaparrang en blatchang is hy onseker, maar vermoed dat

hulle .....

maar vermoed dat die woorde in die taal opgeneem is as gevolg van die handel met die Ooste. Verdere Maleise ontleninge is: ampir, bajang, of banja (referred by some to the French bien inthe sense of very, but more likely the Malay banjak, many) bakkeleyen, bakkeleislag (from bakelihee, a duel) en choerang, tjoerang (from choeran, to cheat in play). Met chakki - chakki, fakamma en casta (all denoting pretence) het hy geen raad nie - hulle moet Maleise, Bantu of Hottentot-ontlenings wees.

Allah is die Arabiese naam vir die Opperwese. Dit kom ook voor in alle mensig. Dis die vraag of Wessels hier orals juis oordeel. In Nederlands is die uitdrukking "alle mensen" nog gebruiklik, waar in "alle" die gewone byvoeglike voornaamwoord kan wees.

Hier en daar is ook 'n woord aan Portugees ontleen, sê hy, "but if we recollected that the general intercourse of eastern traders was carried on in that tongue, as I have already mentioned, the existence of these words in Cape Dutch can hardly be looked upon as due to the negro slaves from Mozambique or Benguela". Basta, baljaren, (a simple transposition of the i and l in bailar, to dance), sambreel (sombreir) en tamaaio (tamanho, so great) is aan Portugees ontleen. Met vaste sekerheid kan hy nie sê of krabbetjes van die Portugese woord "carabe" afgelei is nie, of noy van "noiva" (bride).

Engelse leenwoorde beskou hy as van resente datum: bill, convict, dandy, enter, fair, hint, honeymoon, meeting, pony, set, tronk, truck, ticket, temple, tender, "etc., and the less we study High Dutch, the more prone will we be to multiply these terms, owing to our ignorance of the proper equivalents." 'n Vergelyking

het .....

het aangetoon dat van hierdie Engelse leenwoorde almal behalwe set, truck en ticket voorkom in Changuion se "Proeven van Kaapsche Taaleigen". Dit is dus so goed as seker dat Wessels sy lys hieruit opgestel het.

Bolderen, boldermakiesie, werskaft, en uitpietsen beskou hy as die Duitse leenwoorde in Kaaps-Hollands. "These words were, however, most likely used in Holland before the first batch of colonists sailed from Texel, as Germanisms are frequently observed in the Dutch writers of that period".

Tammeletje (tablette), en jilletje (gille, a clown or fool) is die enigste twee regstreekse Franse ontlenings.

In sy laaste woord oor ontlenings kom Wessels se oordeel nogeens duidelik uit: "The above form a nearly, if not quite, complete list of all the direct foreign importations into Cape Dutch upon which so much stress has been laid .... these are the only terms in common use wherever the Cape patois is heard".

B. By die klankleer veral stel Wessels se gebrek aan tegniek hom bloot aan afbrekende kritiek. Onder die hoof "Peculiarities of Pronunciation" het hy 'n verbasende verskeidenheid van taalmateriaal byeengebring, dog die verskynsels een na die ander afgerammel, sonder om die minste poging aan te wend om gelyksoortige verskynsels bymekaar te groepeer en te klassifiseer. Dit het nie tot hom deurgedring dat hy voor algemene verskynsels te staan gekom het nie, en daarom kan hy nie tot 'n formulering van hierdie algemene verskynsels kom nie. 'n Treffende voorbeeld

hiervan .....

hiervan is die sinkope van die intervokaliese d. Versprei tussen allerlei ander voorbeelde van uitspraakverskille tussen 17de eeuse Hollands en Kaaps-Hollands enersyds, en 19de eeuse Nederlands andersyds, teken hy die volgende aan, sonder om te besef dat dieselfde verskynsel in al hierdie voorbeelde aanwesig is, naamlik die wegval of wysiging van die intervokaliese d: braeyen, bloeyen, broer, gouwe, houwen, leyen (lyden), leyen (leiden) noyen, ouwe, ryen, snyers, spoeyen, voer, wewenaer, weyen. Dat hy wel bewus was van 'n "sametrekking" bewys: "Verscheide for verscheidene, which we following the Amsterdam rule have contracted into verscheye, just as they altered weiden into weyen".

Die verdwyning van slot-konsonante in Kaaps-Hollands en 17de eeuse Hollands het hy goed raakgesien as 'n afwyking van moderne Nederlands: nagt: nag; geraakt: geraak; neem: nee; naar: na. Maar ook hier formuleer hy nie die voorwaardes wat dit tot 'n algemene verskynsel maak nie. Hy wys op die wegval van die uitgang van die infinitief: blyven: bly; loopen: loope; werken: werke, en hy sien dit as 'n kenmerk van verskillende Hollandse dialekte, vernaamlik Amsterdams en Rotterdams, maar hy wys nie op die algemene aard daarvan in Kaaps-Hollands nie. Kleinere onjuisthede wys duidelik op sy gebrek aan skoling, byvoorbeeld die volgende vergissing: "where there are any phonetically superfluous consonants, they are quietly lopped off in conversation thus, bosch becomes bos, visch, vis; borsch, bors", waar hy spelwyse met spreekwyse verwar.

Van die negatiewe aspekte van Wessels se werk val daar heelwat te sê, maar dit sal slegs 'n herhaling wees van wat reeds gesê is, naamlik sy gebrek aan taalkundige

tegniek .....

tegniek by die behandeling van sy taalmateriaal. Aan die ander kant weeg die positiewe waarde van sy werk baie swaarder as al sy beperkings. Dit sal die moeite loon om die aandag op hierdie sy van sy werk te vestig.

Die voorbeelde wat Wessels aanhaal om die verwantskap tussen die Kaaps-Hollandse en die 17de eeuse Hollandse uitspraak, en hulle afwyking van 19de eeuse Nederlands, te illustreer, bied 'n bykans volledige beeld van die wisselingsmoontlikhede binne die vokaalsisteem:

vrienden: vrinden	Ned.(i):	K-H.(ə)
nieuwe jaer: nuwe jaer	(iy):	(y)
nu: nou	(y):	(œu)
speelt: speult; veel: veul	(e):	(ø)
vlees: vleis	(e):	(əi)
drempel: drumpel	(ɛ):	(œ)
schenkels: schinkels; mest: mis; wenken: wincken	(ɛ):	(ə)
herssens: harssens	(ɛ):	(a)
venster: veinster	(ɛ):	(əi)
knukkel: kneukel	(œ):	(ø)
kinkel: kunkel	(ə):	(œ)
ingebracht: ingebrocht; dacht: docht	(ɑ):	(ɔ)
voorby: verby swakbetoonde	(o):	(ə)
door: deur; zoon:zeun; storen: steuren	(o):	(ø)

Hy wys verder op die verwarring tussen <u>liggen</u> en <u>leggen</u>: soos in die Hollandse volkstaal word dié vorm met (ɛ) ook deurgaans in Kaaps-Hollands gebruik. Die ooreenkoms tussen die vokale in die voorsetsels <u>an</u> en <u>mit</u> in Kaaps-Hollands en 17de eeus teenoor 19de eeuse Nederlands <u>aan</u>, <u>met</u>, en tussen die (ə) van die hulpwerkwoord <u>zel</u> in Kaaps-Hollands en 17de eeuse teenoor 19de eeuse Nederlands <u>zal</u>, ...

zal, het Wessels goed raakgesien.

Wat die konsonante betref, het Wessels opgemerk dat blaasbalck, spinnerak en jonk beide in Kaaps-Hollands en 17de eeus Hollands voorkom, teenoor blaasbalck, spinnerack en jong in 19de eeuse Nederlands.

Verder toon hy aan dat dieselfde assimilasie-verskynsels wat in 17de eeuse Hollands voorgekom het, ook voorkom in Kaaps-Hollands: waffer vis, zukken taayen vel, as (als), slaeiy, buitekant. Hy gee ook 'n voorbeeld van sinkope (albei, alle beide), en van enklise (watten boel).

Verdere ooreenkomste tussen 17de eeuse Hollands, soos gevind in die werke van Hooft en Huygens, en die Kaaps-Hollands van sy tyd, sien Wessels in: moerbey (moerbezie), aar(d)bey (aardbezie), leenwerck (leeuwerik), sargiant (sergeant), en in van Riebeek se dagverhaal vind hy die volgende: ossies (osjes), marseerden (marcheerden), waterlemoenen (watermeloenen), pampieren (papieren), patattissen (pataten), heeltemaal (altemalen). Ook noem hy rispe (rupse), mennigen (menigeen), onze lieve Heer, citter (sidder), gekriewel, en twee voorbeelde van paragoge: muysenesten (musenissen) en dubbelde (dubbele). Ook by hierdie materiaal kan ons die opmerking maak dat Wessels te weinig onderskei tussen die waarde van die afsonderlike voorbeelde, en nie tot 'n samevatting kom nie. Ook gee hy nie uitdruklik genoeg die verspreiding van sommige vorms in Kaaps-Hollands aan nie. Was die uitspraak mennigen met (ɛ), en pampier met (m) byvoorbeeld die algemene vorms?

Met zeh en leh (uit zeg, leg) en zehe, lehe (zeggen, leggen) weet hy nie bra raad nie, "but it will appear less strange if we reflect that there have always been .....

been a tendency to give a hard sound to g, when being in the middle of a word, it happens to precede -en as morgen, dagen, which many of us pronounce as if the g were not guttural, and the majority as if it were altogether absent, thus:- mȏre, dȃe, the elision of the n being a common occurrence as I have shown before". Wessels is hier nie op sy beste nie. Wat bedoel hy met "hard sound"? "Hard" beteken foneties meestal stemloos, maar dis juis die stemhebbende intervokaliese konsonant wat maklik saamvloei met die vokale en gesinkopeer word. Hy oorweeg die moontlikhede of dit Friese of Duitse invloed kan wees, maar besluit: "I must, therefore, frankly confess that without further information I am unable to give a conclusive answer to this question".

Die sinkope van g en ook van v in Kaaps-Hollands hoogh: hoo, over: oor, het hy in Meyer's Woordenschat teëgekom, asook die uitspraak van bruid as broyd en is as es.

Die nasalering in Kaaps-Hollands, in afwyking van Nederlands, was een van die belangrike verskynsels wat Wessels nie opgemerk het nie. Of het die nasalering in Afrikaans maar eers gedurende die laaste driekwart eeu so baie toegeneem? Die veranderings wat op die gebied van die klankleer teweeggebring is deur die aksent en ritme in Kaaps-Hollands laat Wessels ook buite beskouing. Maar origens het hy tog al die belangrike klankverskille raakgesien.

C. Op die gebied van die vormleer wys Wessels daarop dat Kaaps-Hollands afwyking vertoon met Nederlands veral wat betref geslag en naamval, "and, among the lower classes, in the absence of a definite conjugation in the verb".

Hy .....

Hy het reeds in die tweede hoofstuk sy vermoede uitgespreek oor die verskillende oorsake wat hierdie "deterioration" op grammatikale gebied in die hand gewerk het, naamlik gebrekkige opvoeding, en die invloed van slawe en Hottentot-oppassers op die kinders. Hierdie faktore geld egter nie vir die stadsbewoners van sy eie tyd nie, sê hy, en tog bly dit staan dat die jongere geslag in die stede en dorpe baie slegter Hollands praat as hulle ouers. Hy besluit: "on careful consideration of the facts, I cannot help thinking that the attention of schoolmasters and parents being more closely directed to the tuition of English, than of Dutch, will, in a great measure, account for the deterioration to which I allude."(1) Tog wil hy ook hier nie die moontlikheid van voortsetting van reeds vroeë afwykings verwaarloos nie: "However that may be," sê hy, "some of the peculiar changes of inflection can, at all events, be traced to a very early period."

Die gebruik, byvoorbeeld, van die lidwoord die in Kaaps-Hollands byna orals waar in Nederlands die lidwoorde de en het voorkom, het gedeeltelik sy parallel in die Nederlands van die 15de en 16de eeue. Vir voorbeelde verwys hy na Jonckbloet: Geschiedenis der Nederlandsche Letterkunde 1. 276, 280, en Linschoten se Reise. "The use of die for het, however, as well as for den, is essentially Cape". Met hierdie toevoeging dui hy aan dat die proses in Kaaps-Hollands self dus verder gegaan het.

Ook die naamval is 'n dooie kategorie in die vormleer van Kaaps-Hollands. Hy toon aan dat die genitief van die lidwoord en die selfstandige naamwoord, wat in Hollands behoue gebly het: des man's hoed, in Kaaps-Hollands uitgedruk word deur die omskrywing met 'n besitlike

voornaamwoord ...

voornaamwoord: <u>die man zyn hoed</u>. Ook hiervoor haal hy voorbeelde aan uit Hooft: <u>In Dwingeland zyn stoel</u>; <u>verby den Schout zyn deur</u>.

Vir die vervoeging met die hulpwerkwoord <u>hebben</u>, waar in Nederlands die hulpwerkwoord <u>zijn</u> gebruik word, <u>ik heb (of: het) geweest</u> i.p.v. <u>ik ben geweest</u>, word alleen maar in die algemeen na Huygens verwys. "And further, we always say "hy het", instead of "hy heeft", a peculiarity which many would be inclined to regard as indicating foreign influence, but, so far from this being the case, we find in Bredero's Spaansche Brabander, and in Hooft's Warenar "hy het", as belonging to the Amsterdam dialect of the period".

Die duidelikste bewys van die verlies van fleksie sien Wessels in die gebruik van die werkwoord <u>het</u> vir al drie persone in die teenwoordige tyd, aantonende wyse, net soos die geval met die werkwoord <u>is</u>. Behalwe dat hy op die betreurenswaardige feit wys dat hierdie foutiewe uitspraak, onder die lae klasse altans, by die dag toeneem, het Wessels weinig meer oor hierdie verskynsel te sê. Hy gee hier geen 17de eeuse bronne aan nie, en impliseer dus dat Kaaps-Hollands ook in dié opsig verder in afwykende rigting gegaan het.

Maar hierdie afdeling is onvolledig. Wessels doen geen poging om 'n oorsig te gee van die hele vormleer nie. Gevolglik ontdek hy nie dat daar 'n eie vormsisteem in Kaaps-Hollands ontstaan het, of aan die ontstaan is nie. Die vereenvoudiging van die vervoeging illustreer hy alleen met die hulpwerkwoord <u>het</u>, maar dui gladnie aan of dieselfde gelykmaking ook by sommige, of alle, ander werkwoorde plaasvind nie. Sy uitgangspunt is natuurlik

die .....

die ooreenkoms tussen Kaaps-Hollands en 17de eeus, en daarom soek hy slegs voorbeelde wat dié verband kan bewys. Maar dit bly tog 'n tekortkoming dat hy hier ook weer nie die algemene uitbreiding van 'n verskynsel raaksien nie.

In 4) het hy reeds verwys na twee voornaamwoorde in Kaaps-Hollands: die derde persoon meervoud hullie, wat as hunluy in die Amsterdamse dialek voorkom, "which when uttered rapidly would be hulluy, corresponding with our hullie, their. That this word hunluy was sometimes, if not always pronounced hullie, as with us, is proved by the usé of a kindred word haarlie, which is also Cape".

Oor die tweede persoon enkelvoud sê hy: "Another instance of similarity is found in the words jy, jou, jouwent (as in om jouwent wil) which are both in the Cape and Amsterdam dialects". Hy wil hier egter by hullie, die aandag vestig op die uitspraak -lie i.p.v. -luy, en op die assimilasie van n en l; en by jouwent wys op die behoud in Kaaps-Hollands van die verboë vorm met die paragogiese t. Dis dus die klankverskynsel en nie die vorm van die persoonlike voornaamwoord nie, waarop hy die nadruk laat val. Die ander vorme van die persoonlike voornaamwoord laat hy heeltemal buite beskouing.

D. Sintaktiese verskynsels en idiomatiese uitdrukkings in Kaaps-Hollands wat ook in 17de eeuse Hollands voorkom, ontdek Wessels in die volgende:

(a) (i) Die gebruik van toe as byvoeglike naamwoord in plaas van bywoord. een toee deur het Wessels ook uit die werke van Huygens opgeteken.

(ii) toe as bywoordelike afronding, byvoorbeeld Kaaps-Hollands waar loopje nae toe, nae binnen toe,

kom .....

kom ook voor in 17de eeuse geskrifte.

(b) Als gebruik as komparatief. Hierdie gewoonte in Kaaps-Hollands is ook te vind by baie 17de eeuse skrywers, onder andere Vondel, terwyl dit nie in beskaafde Nederlands toelaatbaar is nie.

(c) Daarom as bywoord van toegewing en modaliteit, i.p.v. oorsaak. "Again the word daarom is frequently adapted by us to such sentences as al ben ik zwart, ik ben daarom toch goed which, I believe, is still an idiom peculiar to Amsterdam, but was certainly one when Hooft wrote his Warenar".

(d) Parataktiese konstruksies. legg en zucht, legh en speul het Wessels ook uit die werk van Hooft opgeteken.

(e) Die dubbele ontkenning. Wessels verwerp volkome, sowel die verklaring van die dubbele negatief as sou dit onder invloed van die Franse Hugenote in Kaaps-Hollands posgevat het, as die teorie dat dit as oorblyfsel van die ou Hollandse dubbele negatief (ik en kan niet gaan) nog in Kaaps-Hollands voortbestaan, soos voorgestel deur die skrywer van die artikel "English and Cape Dutch" in die "Cape Monthly Magazine" van 1872. Die moontlikheid dat dit tog mede deur analogiewerking kon ontstaan het, het hy nie eens oorweeg nie. Hy sê van die twee verklarings: "Neither of these suggestions is correct, for it is a genuine relic of the Amsterdam dialect which, as I contend, some at least of our predecessors brought here. (Vide Hooft's Warenar IV, 1, daar is niemand niet, or Bredero's Spaansche Brabander ach dit denkt niemant niet. Huyghens also uses this double

negative .....

negative now and then). Sy voetnoot lui: "Bilderdyk in a note on Huyghens says, that they always spoke in this manner in the 17th century whenever they suppressed the negative particle en as in ik en kan niet gaan, which if the en were suppressed would then have been ik kan niet gaan niet. I have also been informed that one of our earliest Governors, Wagenaar, used the double negative in his letters".

Soos reeds gesê het Wessels die genoemde sintaktiese verskynsels nie as sulks bymekaar geklassifiseer nie. Ook hier moet die waarde van sy werk gesoek word in die versameling van belangrike materiaal, en nie in die rangskikking of beoordeling daarvan nie.

AANTEKENINGE.

(1) Vergelyk Dr. Scholtz Die Afrikaner en sy Taal, bls. 176 waar hy aanhaal uit "De Zuid-Afrikaan" van Julie 1871: "Dat dit vooral te wyten is aan het feit dat er byna geen enkele inrigting meer in de Kaapstad is waar de Hollandsche taal behoorlyk onderwezen wordt, lydt geen twyfel."

III

Wessels se plek in die geskiedenis van die Afrikaanse taalstudie.

~~(V).~~ III

Nadat ons in hooftrekke die lewensloop en werksaamhede van Wessels nagegaan het, daarna sy belangrikste werk, die reeks van drie artikels onder die opskrif "Cape Dutch", nader beskou het, sal ons nou die waarde van Wessels se bydrae tot die Afrikaanse taalstudie probeer vasstel.

Uit die laaste drie hoofstukke het telkens geblyk dat Wessels geen geskoolde taalkundige was nie. Sy gebrek aan taalkundige tegniek bestempel hom onteenseglik tot dilettant op hierdie gebied. En tog is Wessels vir ons nie net bloot 'n interessante persoonlikheid, wat deelgeneem het aan 'n gedagtewisseling oor die taal, en dus van kultuurhistoriese betekenis is nie: hy het daadwerklik die studie van Afrikaans bevorder. Die taalmateriaal wat hy versamel het, is vandag nog van wesenlike taalkundige belang; dit is slegs die soms onbeholpe manier waarop hy hierdie stof behandel, wat nie aan die eise van wetenskaplike navorsing voldoen nie. Die taalkundige het in hom gesluimer; hy het net nie die nodige opleiding gehad om van hom 'n wetenskaplike te maak nie.

Soos reeds in die tweede hoofstuk aangedui is, is Wessels se opvatting dat taalverandering as taalverval beskou moet word, aan die taalopvattinge van sy tyd ontleen. Wessels het sy taalkennis opgedoen tussen die jare 1870 - 1880. Hoeveel taalkennis hy opgedoen het aan die Suid-Afrikaanse Kollege, wat hy as sewentienjarige teen die einde van 1870 verlaat het, is natuurlik nie vas te stel nie. Dit sou egter maar gering gewees het; die destydse matrikulasie-eksamen sou ook nie 'n besonder groot kennis van taalkunde vereis het nie. Dit bring ons dan tot die gevolgtrekking dat Wessels sy taalkennis grotendeels op eie houtjie moes ingewin het. Sy nagelate boekeversameling gee ons

'n aanduiding .....

'n aanduiding van die bronne wat vir hom beskikbaar was. 'n Lysie van taalkundige werke, wat voor 1880 uitgegee is, en vermoedelik in sy besit was toe hy sy artikels geskryf het, volg hieragter.(1) Dit dui daarop dat Wessels hom op die populêre vergelykende taalkunde toegelê het; die vermoede word gestaaf deur sy buitegewone kennis van vreemde tale.

'n Mens kan nie verwag dat Wessels hier aan die Kaap tred sou hou met die onmiddellike verloop van die taalkundige ondersoek in Europa nie, maar hy was sekerlik bekend met wat daar op taalgebied plaasgevind het in die voorafgaande jare. Met die reeks ingrypende ontdekkings op taalkundige gebied en die werk van die Junggrammatiker,(2) wat eers omstreeks 1880 'n aanvang geneem het, kon hy eers na die skrywe van sy drie artikels bekend geraak het.

As Wessels met sy taalstudies 'n aanvang neem, beheers August Schleicher nog die terrein. Die Indo-germanistiek geniet die aandag van Europese taalkundiges.(3) In 1859 het Pictet so ver gegaan om die bestaan en beskawing van 'n oergermaanse volk te beskrywe met behulp van die oorblywende Indo-germaanse woordeskat.(4) In 1861 begin August Schleicher met sy "Compendium der vergleichenden Grammatik" 'n nuwe periode in die taalkunde.(5) Hierin word die stand van die taalondersoek tot op datum saamgevat, die "Ursprache" gerekonstrueer, en sy stamboom-teorie uiteengesit. Schleicher het in die taal 'n organisme gesien wat uit 'n oorspronklike eenlettergrepige periode ontwikkel het, en tot volle bloei styg, met 'n rykdom aan verbuigings- en vervoegingsvorme, en dan daarna gaandeweg verval en sy fleksie verloor. Hierdie opvattinge sou in breë kringe bly voortleef, totdat Jespersen in sy "Progress in Language"

1894 .....

1894 - veertien jaar nadat Wessels sy ondersoek op Kaaps-Hollands gepubliseer het - 'n end aan hulle maak en daarop wys dat taalverandering taalvooruitgang beteken. Alhoewel daar nie van die werke van Schleicher in Wessels se versameling voorkom nie, moes hy hulle tog bestudeer het.

Alles saamgevat, as 'n mens die stand van die taal ondersoek in dié jare in ag neem, blyk dit dan dat Wessels heeltemal op hoogte van sake was; sy opvattings strook volkome met dié van sy tyd, en sy werk moet in hierdie verband beoordeel word.

Wessels het tot die boonste laag van die Kaapse bevolking behoort, wat Hollands nog as die kultuurtaal beskou het. Dit maak dit nog beter begryplik dat hy op taalgebied 'n konserwatiewe houding ingeneem het, en dis maklik te verstaan dat hy sou neersien op die dialektiese afwykinge in Kaaps-Hollands, 'n tongval wat die taalreëls verwaarloos en geen letterkunde besit nie.

Maar dit op sigself is geen buitengewone verskynsel nie, sou 'n mens kon teëwerp; die laaste Engelse koerant en tydskrif van die tyd het op die verval van die Kaaps-Hollandse "patois" gewys. En Wessels was ook nie die eerste of enigste wat voorspel het dat Kaaps-Hollands mettertyd sou uitsterwe en dat Engels die landstaal sou word nie. Lord de Villiers het hom hierin voorgegaan, en dié is weer op sy beurt hierin voorgegaan deur D.U.M.(6) Wat Wessels beweer het was dus niks nuuts nie. Van veel meer taalkundige insig getuig dan die tydgenote van Wessels, soos Dr. Brill en Regter Reitz, om nie te praat van die Genootskappers nie, wat selfs op hierdie vroeë stadium al kon voorspel dat Kaaps-Hollands nog die taal van die Afrikaanse volk sou word en daarby 'n ontwikkelde, beskaafde taal sou

wees .....

wees. Waarom is hierdie artikels van Wessels dan van enige belang vir ons?

Wessels se voorspellinge is inderdaad nooit bewaarheid nie; Afrikaans het amptelike erkenning ontvang, en is vandag 'n beskaafde taal, wat vir geen ander taal in die wêreld hoef agter te staan nie, ten spyte van Wessels se toespelings op sy uiteindelike ondergang. Maar gee ook vir Wessels wat hom toekom. Hy het nie, soos die Genootskappers, met die hart gepraat nie, maar met die verstand. Hy het sy opinies gevorm oor die taal soos dit bestaan het in 1880, toe hy sy opstelle geskryf het. "In course of time, undoubtedly, and after producing some lasting works of genius, we might be able to convert Cape Dutch, if not into an universally admired, at all events into a tolerably efficient language. But that is not now the question. We must simply take Cape Dutch as it stands, and on its own merits".

Binne 'n paar dae van die verskyning van hierdie opstelle van Wessels, hou Dr. N. Mansvelt 'n toespraak op Stellenbosch. "I feel obliged," sê hy, "to express my conviction, that Cape Dutch, as it is now, is too poor in words and expressions for being used as a vehicle of thought on any except every day subjects. It is so now, but by this no judgment is pronounced as to its future; what it will be no one can foretell" - byna woordelik in ooreenstemming met Wessels, hoewel daar 'n verskil in toon en aksent is wat die onderlinge verskil in gesindheid bevestig.

Die belangrike punt hier is dat Wessels probeer het om nugter en saaklik te wees, om uit te gaan van wat is, en nie van wat nog moet word nie. Hoe ver hy ook

soms .....

soms misgetas het, hy het nie sy gevolgtrekkings uit sy duim gesuig nie. Elke bewering wat hy in hierdie opstelle gemaak het, byvoorbeeld dat Kaaps-Hollands 'n patois is, of dat hy sy ontstaan in die agterbuurtes van Amsterdam moet soek, het hy, hoe swak dan ook die laaste, een vir een probeer motiveer. Eers nadat hy die oorsprong van Kaaps-Hollands aan die deeglikste studie onderwerp het wat tot hiertoe nog onderneem is, - met uitsondering van Changuion miskien - het hy sy bevindings uitgespreek.

Oor baie van sy besluite word vandag anders geoordeel - na sewentig jaar se vordering in die taalstudie - maar Wessels se opstelle oor "Cape Dutch" is en bly belangwekkend as die eerste ernstige poging tot nasporing van die dialek waaruit Afrikaans sou ontwikkel het: Die eerste poging om die oorsprong van Afrikaans, en die faktore wat by sy ontstaan en vervorming werksaam was, was te stel.

Om die een of ander rede het Wessels se opstelle oor Kaaps-Hollands nooit die aandag ontvang van taalkundiges wat 'n studie van die ontstaan van Afrikaans gemaak het nie. Sou hierdie werk miskien meer aandag geniet het as dit in 'n Hollandse tydskrif verskyn het? Daar is rede om te glo van ja. Die "Cape Monthly Magazine" het nooit 'n groot sirkulasie gehad nie, wat ook daarvoor verantwoordelik was dat die uitgawe keer op keer tydelik gestaak moes word. Die tydskrif het buitendien nie 'n lang bestaan gehad nie. Tog bly dit onverklaarbaar dat latere navorsers dit nie eerder ontdek het nie. Dr. J. du P. Scholtz van die Universiteit Kaapstad het wel vermoed dat die studie van die artikels van Wessels die moeite sou loon. Die ontstaan van hierdie geskrif is dus aan hom te danke.

Ons vind, op twee uitsonderinge na, nêrens selfs

die .....

die vermelding van die artikels nie. Die eerste uitsondering is Dr. N. Mansvelt, dus 'n tydgenoot, wat wel uit die taalmateriaal van hierdie artikels geput het, en ook sy dank daarvoor betuig het. In die inleiding tot sy "Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon" skryf Dr. Mansvelt: "Verder heb ik, soals ter plaatse zal worden aangegeven, enkele opmerkingen te danken aan den anonymen schrijver (den heer M.L. Wessels?) van de belangryke en van zorgvuldige studie getuigende verhandelingen over't Kaapsch-Hollandsch, voorkomende in de nommers Juni, Juli en Augustus, van den jaargang 1880 van't 'Cape Monthly Magazine'[7]".

Die volgende woorde en hulle verklarings het Mansvelt uit die drie artikels van Wessels oorgenaam: bobotie, ayah, amper, bajan, bakkeleyen, meebos, baljaren, tamaaie, jilletje, noy. Hier het ons tog 'n sigbare bewys van Wessels se bydrae tot die bevordering van die Afrikaanse taalsudie.

Ons kan miskien net dit toevoeg in verband met hierdie woorde: Wessels het, soos in die vorige hoofstuk aangedui, vermoedelik uit Changuion se "Proeve van Kaapsch Taaleigen" geput. Dit kan egter alleen gesê word van die Engelse leenwoorde in Kaaps-Hollands. Sommige van die genoemde woorde wat Mansvelt in sy woordelys oorgeneem het uit Wessels se artikels, kom ook wel voor by Changuion, maar in geen enkel geval het Changuion die oorsprong van die woorde probeer vasstel nie. Hierdie verklarings is dus almal aan Wessels se eie ondersoek te danke.

Die ander persoon op wie Wessels se werk indruk gemaak het, was die skrywer en uitgewer van talle boekies oor Afrikáans en Hollands, C. J. van Ryn, ook 'n tydgenoot.

Wessels ....

Wessels was in vele opsigte sy vraagbaak. Van Ryn was dikwels op besoek by "Miramar", Wessels se huis in Seepunt, en hy sou hier heelwat stof vir sy boekies versamel het.(8)

'n Ander filoloog uit sy eie tyd met wie Wessels later persoonlike kontak gehad het, was Dr. Theophilus Hahn, en dié se reeds berug geworde toespraak kom in 'n helderder lig te staan, indien Wessels se plakboek-vermoede juis is dat hy die skrywer is van die artikel "The 'Barbarous' Patois", onder die skuilnaam "Philologist".(9) Dr. D.B. Bosman beskou hom nog as "wel bevoeg om 'n opinie uit te spreek".(10) Uit sy artikel "The 'Barbarous' Patois" blyk dit egter nie dat Dr. Hahn 'n verantwoordelike taalkundige was nie, en in die twee jaar wat verloop het tussen die skrywe van sy artikel en sy toespraak in die openbare Biblioteek, Kaapstad, het daar nie 'n merkbare vordering in sy kennis van Kaaps-Hollands gekom nie.

Wessels teken ongelukkig nie die redes vir sy vermoede aan nie. Die aantekening in sy plakboek langs 'n uitknipsel van Dr. Hahn se toespraak, is eers in 1911, kort voor sy dood, geskrywe, dus is dit nie seker of hy reeds in 1880, toe hy sy brief in die "Cape Argus" van 10 Junie geskrywe het, op die hoogte was van die identiteit van "Philologist" nie. Maar hulle was, in later jare altans, goed bevriend, en Dr. Hahn was dikwels aan huis by Wessels.(11) 'n Mens kan aanneem dat hulle, albei geïnteresseerd in taalkunde, gedagtes oor die onderwerp Kaaps-Hollands gewissel het; ook dat Wessels dalk uit sulke gesprekke uitgevind het wie "Philologist" was.

As die twee stukke, die woordelike verslag van Dr. Hahn se toespraak, en die artikel van "Philologist", noukeurig vergelyk word wat inhoud, styl en toon betref,

dan .....

dan is daar frappante ooreenkomste te bemerk.

Dit is interessant om te spekuleer oor die rol wat Wessels in die verdere verloop van die Afrikaanse taalondersoek sou kon gespeel het, as daar dadelik al groter belangstelling ontstaan het vir sy opstelle. Wessels was baie gevoelig vir die reaksie van die publiek, soos ons gesien het in die geval van sy gedig "Madeira - a Tale"; toe het 'n koele ontvangs hom daartoe gedryf om op te hou gedigte skrywe. Stimulasie op hierdie tydstip sou maklik vir Wessels aangevuur het tot 'n diepergaande studie van Kaaps-Hollands.

Negentien jaar later, toe Dr. Hesseling sy teorie oor die ontstaan van Afrikaans uitgegee het, was Wessels besig om al sy aandag te bestee aan munisipale aangeleenthede te Seepunt. Sou hy die werk van Dr. Hesseling onder oë gekry het? Dit kan nou natuurlik nie meer vasgestel word nie, alhoewel ons weet dat "Het Afrikaans" nie in sy boekery te vind is nie. Wessels was ook in dié jare dikwels op reis in Europa. Maar sy reaksie teen Dr. Hahn se toespraak laat 'n mens vermoed dat hy die kennismaking met Hesseling se werk nie ongemerk sou laat verbygaan het nie. Wessels sou net so min as wat hy Dr. Hahn se onbesonne uitspraak oor die invloed van Hottentots op Afrikaans in 1882 geduld het, die Maleis-Portugese teorie aanvaar het. Self het hy immers dié nooite gedoen om te bewys dat daar maar 'n handjievol - nouliks meer as 'n honderd - leenwoorde in Kaaps-Hollands bestaan. Hoe dit ook al sy, na die skermutseling met Dr. Hahn het hy nie weer aktief opgetree in polemieke oor Kaaps-Hollands nie.

Afgesien van die intrinsieke waarde van die vroeë poging van Wessels om die ontstaan van Afrikaans

te .....

te verklaar, en om die ooreenkoms tussen Kaaps-Hollands en 17de eeuse Hollands aan te dui, is sy werk vir ons ook van kultuur-historiese waarde. Die plek van Wessels in die geskiedenis van die Afrikaanse taalstudie sou ons kan aandui as die skakel tussen Changuion en Mansvelt. Wanneer die geskiedenis van die Afrikaanse taalstudie geskryf word, sal dit nie volledig wees sonder vermelding van Wessels nie, een van die baanbrekers op die gebied van die Afrikaanse taalstudie.

AANTEKENINGE.

(1) Scaliger, J.C., De causus linguae latinae libri XIII (1623).

Jones, Sir W., Works 3 vols. (1807)

Schlegel, C.W.F., Uber die Sprache und Weisheit der Indier (1808).

Arndt, C.G., Uber den Ursprung und die Verwandtschaft der Europaischen Sprachen (1818).

Wüllner, F, Uber die Verwandtschaft des Indo-germanischan, Semitischen und Tibetanischen Sprachen (1838).
Uber den Ursprung der Sprachlichen Formen (1831).

Steinthal, H., Die Classification der Sprachen (1850),
Die Ursprung der Sprache (1858).

Bopp, F., Vergleichende Grammatik der Sanskrit, Zend, Griechisch, Lateinisch und Deutsch (1852).

Grimm, J.L.C., Uber den Ursprung der Sprache (1866).

Bopp, F, Kritische Grammatik der Sanskrita Sprache (1868).

Bleek, Uber den Ursprung der Sprache (1868).

Rask, R., Short method of learning Icelandic (1869).

Curtius, G, Grundzüge der Griechischen Etymologie (1869).

Müller, F., Indo-germanisch und Semitisch (1870).
Uber die Resultate des Sprachwissenschaft (1872).

Pictet, A., Les origines indo-europpéenes (1877).

(2) Vergelyk hieroor: Jespersen, O. Language, its Nature, Development and Origin. Herdruk London 1947, bls. 90.

(3) t.a.p. (2) Jespersen, O.

(4) t.a.p. (1) Pictet, A.

(5) Le Coutere - Grootaers. Inleiding tot de Taalkunde en tot de Geschiedenis van het Nederlands, 6, Leeuven, 1948, bls. 19 - 39.

(6) Sien Hoofstuk (111).

(7) Mansvelt, Prof. N., Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon, Kaapstad 1884, bls. 1V.

(8) Van Ryn, C.J., sien aantekening (8), Hoofstuk (11).

(9) Sien Hoofstuk (1).

(10) Bosman D.B., Oor dic Ontstaan van Afrikaans, 2, Amst. 1923, bls. 16.

(11) Mededeling in sy Plakboek, gestaaf deur Adv. A.B. Wessels.